# Mynbouverwante Aktiwiteite, Beskerming van Privaat Eiendomsreg en Omgewingsregte: TLU SA-Handleiding en Riglyne Vir Beoordeling van Aansoeke om Ontginningsregte en -permitte

**Opstellers: Andries Raath en Erika Helm vir TLU SA**

**Beleidnommer: M202401**

**(Eerste uitgawe: 9 Augustus 2024)**

**(Alle regte voorbehou en geen deel hiervan mag gereproduseer of elektronies gestoor word sonder toestemming van TLU SA nie)**

**INHOUDSOPGAWE**

**1. INLEIDING**

**2. AKRONIEME**

**3. BELEIDSRAAMWERK**

**4. STATUTÊRE RAAMWERK**

**4.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika**

**4.2 Mineral and Petroleum Resources Development Act MPRDA**

**4.3 Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne**

**4.4 Mining Charter**

**5. DIE TAAK VAN DIE STAATSOWERHEID BY TOEKENNING VAN PROSPEKTEER- EN ONTGINNINGSPERMITTE EN -REGTE**

**6. DIE BELANGRIKSTE ROLSPELERS IN MYNBOUVERWANTE AKSIES**

**7. ONTGINNINGSREGTE EN -PERMITTE**

**8. TIPES MYNBOU VERWANTE AKTIWITEITE**

**9. AKTIWITEITE**

**9.1 Prospekteer regte**

**9.2 Mynbou Ontginning**

**9.3 Hidro-Breking (Fracking)**

**10. TOEGANG TOT PRIVAAT EIENDOM**

**10.1 Plaasbesoek Protokol**

**11. PROSES**

**12. KONSULTASIE EN OPENBARE DEELNAME**

**12.1 Waarom is openbare deelname belangrik?**

**12.2 Wat bepaal die reg en ander beleidstukke oor openbare deelname?**

**12.2.1 Wet op Ontwikkeling van Petroleum en Minerale**

**12.2.2 Die Departement van Minerale Hulpbronne se Riglyn vir Konsultasie**

**12.2.3 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika**

**12.2.4 Die Nasionale Omgewingsbestuurswet**

**13. OMGEWINGSASSESSERING EN DIE OMGEWINGSASSESSERING PRAKTISYN**

**14. ADVERTENSIE VAN PROJEK IN DIE OMGEWING**

**15. OORHANDIGING VAN KENNISGEWINGS**

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

**16. KOMMUNIKASIE VANAF DIE BELANGHEBBENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTYE**

**16.1 Wie het deel aan openbare deelname?**

**16.2 Wat gebeur tydens openbare deelname?**

**16.3 Welke vrae behoort gestel te word tydens die aanvanklike konsultasieproses?**

**17. BASIESE ASSESSERINGSVERSLAG**

**18. ADMINISTRATIEWE GEREGTIGHEID**

**18.1 Toegang tot inligting**

**18.2 Billike en regverdige administratiewe optrede**

**18.3 Inligting**

**18.4 Versoek om inligting van 'n mynmaatskappy**

**19. REGULASIES BETREFFENDE OMGEWINGSIMPAK-ASSESSERING**

**20. ANDER AANSOEKE EN PLANNE**

**21. SPESIALISVERSLAE**

**22. ALTERNATIEWE**

**23. SOSIALE EN ARBEIDSPLAN**

**24. OMGEWINGSIMPAK VAN MYNBOU OP WATER**

**24.1 Watergebruik lisensie aansoeke**

**24.2 Raadpleging**

**24.3 Watergebruikslisensie uitreiking**

**25. OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM EN OMGEWINGSBESTUURSPLAN**

**26. OMGEWINGSKONSULTANTE**

**27. RESIDU-VOORRAAD EN RESIDU-DEPOSITO'S**

**28. VERGOEDING**

**29. HERVESTIGING**

**29.1 Wat behoort die myn te doen indien hulle persone wil verskuif?**

**29.2 Belangrike vrae om te stel**

**30. FINANSIELE VOORSIENING**

**31. REHABILITASIE**

**32. SONERING VAN EIENDOM**

**33. GOEDKEURING VAN DIE AANSOEK**

**34. APPÈL EN HERSIENING INDIEN 'N REG OF PERMIT TOEGEKEN WORD**

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

**34.1 Appèl**

**34.2 Hoe om te appelleer**

**34.3 Kennisgewing van voorneme om appèl aan te teken**

**34.4 Nadering van die hof**

**35. ONTEIENING**

**36. OMGEWINGSOORTREDINGS**

**37. MYNBOU-ONTGINNING: TOESTEMMING VERLEEN SONDER ENIGE KONSULTASIE**

**38. ROL VAN DIE OMGEWINGSBEHEERBEAMPTE (ECO)**

**39. WAT PERSONE TE DOEN STAAN INDIEN 'N MYN ONWETTIG BEDRYF WORD**

**39.1 Blitslyn vir omgewingsmisdade**

**39.2 Grondwetlike regte**

**40. VERSOEK OM INLIGTING VAN 'N MYNMAATSKAPPY**

**40.1 Versoeke om toegang tot rekords van publieke liggame**

**40.2 Inligting oor water en dienste**

**40.3 Die reg op Regverdige Administratiewe optrede**

**41. NA MYNBOU-AKTIWITEITE AFGEHANDEL IS**

**42. MUNISIPALITEITE SE DEELNAME**

**43.1 SPLUMA**

**43. INSTANSIES WAT HULP KAN BIED**

TLU SA

## 1. INLEIDING

Mynbou is 'n belangrike bedryf in Suid-Afrika, maar dit is ook 'n bedryf wat ŉ onherstelbare skadelike impak kan inhou. Mynbou besoedel dikwels die water, lug en grond, en kan boerdery-aktiwiteite en gemeenskapslewe ontwrig. Gemeenskappe regoor Suid-Afrika sukkel om hul regte op hul grond, hul omgewing en hul hulpbronne te verdedig wanneer gekonfronteer word met mynbou in hul gemeenskap. Alhoewel mynmaatskappye werk en ontwikkeling beloof, is dit redelik ongewoon vir 'n gemeenskap wat deur die mynbou geraak word, om hierdie voordele te ontvang.

Hierdie handleiding bevat ŉ eenvoudige uiteensetting van die stappe wat individue en gemeenskappe kan neem om die impak van mynverwante bedrywighede op die regte van individue en gemeenskappe aan te spreek. Ontginning van steenkool en mynbou in die algemeen is aktiwiteite wat sentraal tot die Suid-Afrikaanse ekonomie figureer. Die regering reguleer ontginning van minerale deur middel van die reg en ontginningsmaatskappye staan onder verpligting om in ooreenstemming met die regsvoorskrifte op te tree.

Ontginningsaktiwiteite is uiteraard fisieke ingrepe wat die potensiaal het om grond oor wye areas te versteur en te besoedel. Ontginningsmaatskappye is voortdurend op die uitkyk vir nuwe gebiede vir ontginning en soms word die areas wat hul identifiseer reeds bewoon of deur die landbougemeenskap gebruik vir aanplantboerdery- en / of beweidingsdoeleindes. Persone en gemeenskappe wat naasliggend tot mynbou-aktiwiteite geleë is, mag die volgende probleme ervaar:

- Weiding wat deur ontginningsaktiwiteite benadeel word;
- Water in riviere en boorgate word beïnvloed deur besoedeling waar grondstowwe die opvangsgebied se waterbronne binnedring;
- Watervlakke kan daal weens die boor van gate vir prospektering en/of die mynbou-aansoek kan toegang versoek tot die waterbronne vir die uitvoering van die aktiwiteite;
- In geval van waterbesoedeling, word wild-, vis- en voëllewe vergiftig asook die moontlikheid dat aanwending van die water tot landbou aktiwiteite nie meer geskik is nie. In uiterste gevalle kan die water vir menslike gebruik nie geskik wees nie;
- Stof en rook vanweë ontginning veroorsaak lugbesoedeling wat siektes kan meebring vir mense wat in die omgewing woon;
- Stof en wind kan die verspreiding van plantsiektes verhoog wat winsgewendheid benadeel;
- Mense en diere word beseer of gedood deur in gate en grondversteurings te beland;
- Afvalmateriaal word gestort in die omgewing of andersins word die bestaande afvalterreine van munisipaliteite oorbenut wat dienslewering van die munisipaliteit teenoor die gemeenskappe benadeel;
- Munisipale afvalterreine is in die meeste gevalle nie gelisensieer vir mynbou afval nie;
- Skietwerk met plofstof kan infrastruktuur beskadig;
- Invloei van vreemde arbeid op die omgewing het ŉ sosiale invloed en negatiewe effek kan plaasvind op landbou-sektor se werknemers;

- Toerisme word benadeel aangesien die skoonheid van die natuur onherstelbaar geskend word;

Hierdie gids dien as bron om die stappe en middele aan lede van TLU SA te verduidelik sodat hul oor ŉ beter begrip van die regsreëls wat op onginningsaktiwiteite en maatreëls wat hul regte beskerm, beskik. Mynbou in riviere word nie in hierdie gids behandel nie. Daar word beoog om dit by 'n volgende uitgawe in te sluit. Lede en strukture van TLU SA word aangemoedig om kommentaar op die gids se bruikbaarheid te lewer ten einde die nut daarvan te verhoog.

Erika Helm

Andries Raath

14 Augustus 2024

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

## 2. AKRONIEME

Hoewel die Afrikaanse ekwivalente vir Engelse wetstekste gegee word, word Engelse akronieme vir die verwysing na sodanige tekste gebruik, vanweë die aanwending daarvan in die publieke sfeer.

AMD: *Acid Mine Drainage* (Suurwater Afvloei van Myne).

DEA: *Department of Environmental Affairs* (Departement van Omgewingsake).

*DEVELOPMENT FOOTPRINT* : Die ontwikkelingsvoetspoor ten opsigte van grond is

enige bewys van die fisiese transformasie daarvan as gevolg van die onderneming van enige aktiwiteit.

DMR: *Department of Mineral Resources* (Departement van Minerale Hulpbronne).

DWS: *Department of Water and Sanitation* (Departement van Water en Sanitasie).

EAP: *Environmental Assessment Practitioner* (Omgewings Evalueringspraktisyn).

EIA: *Environmental Impact Assessment* (Omgewingsimpakassessering).

EMP: *Environmental Management Plan* (Omgewingsbestuursplan).

EMPR: *Environmental Management Programme Report* (Omgewingsbestuurs

program verslag).

HDSA's: *Historically Disadvantaged South Africans* (Histories Benadeelde Suid-Afrikaners).

*INTERESTED AND AFFECTED PARTY*: belanghebbende en geaffekteerde party met

betrekking tot die beoordeling van die omgewingsimpak van ŉ gelokaliseerde aktiwiteit of verwante aktiwiteit, beteken ŉ belanghebbende en geaffekteerde party wat insluit:

- Enige persoon, groep persone of organisasie wat belangstel in of geraak word deur sodanige operasie of aktiwiteit (nie slegs grondeienaars of aangrensende eienaars nie, maar enige persoon ingesluit ŉ verteenwoordiger van TLU SA); en
- Enige staatsorgaan wat jurisdiksie oor enige aspek van die operasie of aktiwiteit mag hê.

*LIFE OF MINE*: Die aantal jare wat 'n operasie beplan om erts te myn en te verwerk.

MAC: *Mining-Affected Communities* (Gemeenskappe wat deur Mynbou Geaffekteer Word).

MEC: *Member of Executive Council* (LUR - Lid van die Uitvoerende Raad).

MPRDA: *Minerals and Petroleum Resources Development Act, 28 of 2002* (Wet op Ontwikkeling van Minerale en Petroleum-Hulpbronne, 28 van 2002).

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

NEMA: *National Environmental Management Act 107 of 1998* (Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998).

NEMWA: *National Environmental Management Waste Act 58 of 2008* (Nasionale Wet op Bestuur van Omgewingsafval, 58 van 2008).

NHRA: *National Heritage Resources Act 25 of 1999* (Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999).

NWA: *National Water Act 36 of 1998* (Nasionale Waterwet, 36 van 1998).

PAIA: *Promotion of Access to Information Act 2 of 2000* (Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000).

PAJA: *Promotion of Just Administrative Action Act 3 of 2000* (Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000).

*PUBLIC PARTICIPATION PROCESS:* Die openbare deelname proses met betrekking tot die beoordeling van die omgewingsimpak van enige aansoek om ŉ omgewingsmagtiging, beteken ŉ proses waardeur potensiële belanghebbende en geaffekteerde partye geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op, of kwessies wat relevant is tot die aansoek te opper.

SALA: *Subdivision of Agricultural Land Act 70 of 1970* (Wet op Onderverdeling van Landbougrond, Wet 70 van 1970).

SLP: *Social and Labour Plan* (Sosiale en Arbeidsplan).

SPLUMA: *Spatial Planning and Land Use Management Act, 16 van 2013*

WSA: *Water Services Act 108 of 1997* (Wet op Waterdienste, 108 van 1997).

WUL: *Water Use Licence* (Waterverbruikerslisensie).

TLU SA

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

### 3. BELEIDSRAAMWERK

TLU SA se Handves, Manifes en Credo vir die Beskerming van Privaat Eiendomsreg vorm die raamwerk waarbinne beleidstandpunte oor beskerming van privaat eiendomsreg teen onregmatige en onbillike eksplorasie- en ontginningspraktyke beslag kry.

**TLU SA BELY** die soewereiniteit van God oor elke lewensterrein, die onfeilbare gesag van die Bybel as Woord van God en Sy beskikking oor alles wat ons doen en onderneem.

**TLU SA GLO** dat God ons roep tot Sy diens om die aarde te bewerk (insluitend mynbou) en voedsel en vesel te produseer en te verbou (die landbou) tot Sy verheerliking.

**TLU SA AANVAAR** die opdrag om in ons vaderland te werk tot verheerliking van ons Skepper en in gehoorsaamheid aan Sy Woord.

**TLU SA VERBIND** sy strukture, lede en personeel tot bevordering van landbou en tot verantwoordelikhede om alle beskikbare hulpbronne (insluitend minerale, petroleumprodukte en gasneerslae) as erfenis vir die nageslagte na te laat.

**TLU SA STREEF** na die herstel en beskerming van privaat eiendomsreg as basis vir die uitleef van vryheid van godsdiens, handel, ekonomiese produksie, spraak, onderwys en gelykwaardige behandeling in alle sfere van die staatshuishouding.

**TLU SA WEND** alle middele aan in die stryd teen aantasting van privaat eiendomsreg en ondergrawing van die reg en vryheid om eiendom te bekom, te gebruik en daaroor te beskik.

**TLU SA BEVEG** alle vorme van regeringsbeleid wat eiendomsreg verpolitiseer, herverdeling van grond propageer en onteiening sonder internasionaal erkende regsprosedures toepas.

**TLU SA STRY** teen alle regeringspogings om eiendom sonder voldoende vergoeding te bekom en deur sosialistiese programme of vir kommunistiese doeleindes aan te wend.

**TLU SA ROEP** al sy lede, strukture en personeel op om aktief weerstand te bied teen enige poging om privaat eiendomsreg ŉ politieke speelbal te maak, rassehaat teen landbouers aan te blaas en wettige eienaars van grond as diewe en kolonialiste voor te stel.

**TLU SA VERKLAAR** onomwonde dat al sy strukture, lede en personeel verbind is tot aanwending van privaat eiendom as produksiemiddel om die mense van ons land te voed, dit aan die nageslagte oor te dra en tot eer van God te leef in alle fasette van die verbouing van voedsel en vesel.

## 4. STATUTÊRE RAAMWERK

### 4.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996

Artikel 25

Die Grondwet lys die regte van elke persoon in Suid-Afrika. Dit is baie belangrik dat die regte van gemeenskappe en individue binne gemeenskappe beide oorweeg en beskerm word wanneer die regering besluit om mynbou toe te laat.

Wanneer jy weet wat jou regte is, kan jy daarop aandring dat jou regte gerespekteer word. Om jou regte te ken, help jou om deel te neem aan konsultasieprosesse en om die regering te waarsku wanneer jou regte geskend word. Onthou: Kennis is mag.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, Artikel 25(1) (a) en (b) tref ŉ vae en onduidelike onderskeid tussen ontneming ("deprivation") en onteiening ("expropriation") van eiendom. Dit verbied die arbitrêre ontneming van eiendom en maak voorsiening daarvoor dat ontneming van eiendom slegs mag geskied ingevolge ŉ wet met algemene toepassing (Artikel 25(1)). Onteiening mag slegs gemagtig word ingevolge wetgewing met algemene toepassing en is slegs veroorloof met die oog op ŉ publieke doel of in die algemene belang (artikel 25(2)). In geval van onteiening, moet vergoeding betaal word aan die persoon wie se eiendom onteien word, bereken volgens beginsels van geregtigheid en billikheid, soos in die Grondwet uiteengesit (artikel 25(3) en (4)).

Dit word benadruk dat voor die 1996-Grondwet, geen onderskeid tussen "ontneming" en "onteiening" van eiendom in die Suid-Afrikaanse eiendomsreg getref is nie. In die plek daarvan het die Suid-Afrikaanse eiendomsreg onderskei tussen enersyds die regulering van eiendomsaansprake deur publieke owerheidsinstellings en onteiening deur die regering andersyds. Wetgewing wat landbouers verplig om hul grond te omhein (ingevolge die Omheiningswet, 31 van 1963), met die oog op beskerming van die natuurlike omgewing (ingevolge die Omgewingsbewaringswet, 73 van 1989) en om die verspreiding van indringerplante te bekamp (ingevolge artikel 5 van die Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne, 43 van 1983), hoort tot die kategorie beperkings op eiendom, terwyl die ontneming van eienaars se eiendomsreg onder die kategorie van onteiening resorteer.

Huidige verwarring wat uit die interpretasie en toepassing van die MPRDA spruit, hou verband met pogings om die grondwetlike bepalings van Artikel 25 gelyk te stel met die tradisionele onderskeid tussen regulering en onteiening uit die vorige bedeling, en meer spesifiek die veronderstelling dat "ontneming" dieselfde betekenis het as "regulering". In die Hofbeslissing van Harkson v Lane NO, het regter Goldstone tot dié wanpersepsie bygedra deur die volgende stellings te maak (Harkson v Lane NO 1998 1 SA 300 (CC) par 33)[1]:

*The distinction between expropriation (or compulsary acquisition as it is called in some other foreign jurisdictions) which involves acquisitions of rights in property by a public authority for*

[1] Kyk ook *Steinberg v South Peninsula Municipality* 2001 4 SA 1243 (SCA) par 4 en Vander Walt, *Constitutional Property Law* (2011) 123-125.

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

*a public purpose and the deprivation of rights in property which falls short of compulsory acquisition has long been recognised in our law.*

In Reflect-All 1025 CC v MEC for Public Transport, Roads and Works, Gauteng Provincial Government, het regter Nkabinde dit soos volg verduidelik (2009 6 SA 300 (CC) par 63)[2]:

*The purpose of the distinction between expropriation and deprivation by regulating measures is to enable the State to regulate the use of property for public good without the fear of incurring liability to owners of property affected in the course of such regulation.*

Dit moet beklemtoon word dat taalmatig of andersins "ontneming van eiendom" op geen wyse met "regulering" van die aansprake op eienaarskap gelykgestel kan word nie. Die letterlike woordeboekbetekenis van "ontneem" is die ekwivalent van begrippe soos "vervreem", "verlies van iets wat geniet word", "gestroop" of "onteien" word terwyl "onteiening" beskryf word as "weerhou", "wegneem", "stroop" ensovoorts. Voorts vereis 'n basiese reël van wetsuitleg dat woorde in wetgewing hul gewone betekenis dra.

Dit het algemene aanvaarding geword dat "ontneming" 'n wyer begrip is en wat onteiening insluit (kyk Davies v Minister of Lands, Agriculture and Water Development 1997 1 SA 228 (ZSC) par. 25 (verwysend na ontneming wat nie neerkom op gedwonge verkryging of onteiening nie). Die bewoording van die Grondwet suggereer dat ontneming van eiendom mag geskied op grond van ander redes as publieke doel of in die publieke belang, mits sodanige redes nie "arbitrêr" is nie. 'n Ontneming sal arbitrêr wees indien die wetgewing waarna in Artikel 25(1) verwys word, nie voldoende rede vir die spesifieke ontneming verskaf nie of prosedureel onbillik is (First National Bank of SA Ltd t/a Wesbank v Commissioner South African Revenue Service: First National Bank of SA Ltd t/a Wesbank v Minister of Finance 2002 4 SA 768 (CC) par. 57). Dit skyn asof die vereiste van "voldoende rede" nie noodwendig op publieke doel betrekking het nie of in die openbare belang hoef te wees nie. Dit blyk 'n oorsig van die wetsopstellers te wees dat die betaling van vergoeding voorwaardelik gemaak is van inbreuk op eiendomsreg wat deur die publieke doel of in die algemene belang ondersteun word, maar dit aanvaarbaar ag dat eienaars vergoeding ontbeer in gevalle waar 'n ontneming deur die wetgewer gemotiveer word deur oorwegings anders as publieke doel of in die algemene belang!

Uit die voor die handliggende interpretasie van artikel 25 van die Grondwet blyk dit dat die enigste wesenlike verskil tussen 'n ontneming van eiendom waarvoor vergoeding nie betaal hoef te word en 'n ontneming wat op onteiening neerkom en wat as voorwaarde vir die betaling van vergoeding geld, geleë is in die feit dat onteiening gemagtig word deur die wetgewer in die publieke belang of vir 'n openbare doel. Die standpunt dat die onderskeid tussen onteiening en ontneming slegs daarin geleë is dat die wetgewer in een geval vir vergoeding voorsiening maak en nie in die ander nie, is tereg deur die Hoogste Hof van Appèl verwerp - die betaling van vergoeding is die gevolg van ontneming wat op onteiening neerkom en is nie deel van die substantiewe definisie van onteiening nie.

[2] Kyk ook Reflect-All 1025 CC v MEC for Public Transport, Roads and Works, Gauteng Provincial Government 2009 6 SA 391 (CC) par. 63 deur Nkabinde.

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

Dit is voorts belangrik om daarop te wys dat die Suid-Afrikaanse regbank tot dusver nie beslis het dat ontneming van eiendomsreg op onteiening neerkom

omdat die reg wat ontneem is nie oorgedra is aan die betrokke publieke instelling of iemand anders nie. Op sigself beskou, behels die begrip "ontneming" uitsluitlik die wegneem van ŉ reg en bevat as sodanig nie die element van "verkryging" nie. Voorts is die vraag wanneer en onder welke omstandighede "ontneming" in "onteiening" oorgaan, nog onbeantwoord.

**4.2 *Mineral and Petroleum Resources Development Act MPRDA* - "Ontneming" en "Onteiening"**

ŉ Wesenlike onderskeid moet getref word tussen die impak van die MPRDA op

(a) die reg van die grondeienaar op minerale en petroleumbronne in of op sy/haar grond, en

(b) die "mynregte" van ŉ grondeienaar of ŉ derde persoon om te eksploreer vir minerale en/of petroleum en dit te ontgin.

Wat (a) hierbo betref, blyk dit dat verklaring van alle minerale en petroleumhulpbronne tot die gemeenskaplike erfenis van al die mense van Suid-Afrika, op onteiening neerkom ten spyte van die betekenis wat aan die begrip onteiening geheg mag word. Die nasionalisering van minerale en petroleum-hulpbronne ingevolge die MPRDA val volledig binne die betekenis van onteiening ingevolge Artikel 25(2) van die Grondwet.

Die huidige posisie betreffende regte op minerale en petroleumprodukte is die volgende:

(a) Ingevolge Artikel 3(1) van die MPRDA is mineraal- en petroleumhulpbronne die gemeenskaplike erfenis van al die mense van Suid-Afrika met die staat as "bewaarnemer" ("custodian") ten bate van alle Suid-Afrikaners.

(b) Die probleem is dat "al die mense van Suid-Afrika" geen regsubjek is nie en derhalwe nie die eienaar van minerale en petroleumhulpbronne kan wees nie (artikel 3(1) en (2) van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 28 van 2002).

(c) By effek het eienaarskap van minerale en petroleumhulpbronne oorgegaan na die staat.

(d) Selfs indien die staat as publieke "trustee" van minerale en petroleumhulpbronne beskou sou word of as personifikasie van alle mense van Suid-Afrika te bate van alle Suid-Afrikaners sou optree, sou dit steeds resorteer onder die soewereiniteitsregte wat die staat ingevolge artikel 2(1) van die MPRDA kan uitoefen.

(e) Ingevolge Artikel 3(2) van die MPRDA oefen die staat, deur middel van die Minister van Mineraal- en Energiesake wye magte uit met betrekking tot die administrasie van prospekteer- en ontginningsregte betreffende die *"nation's mineral and petroleum resources."* In sy hoedanigheid as bewaarnemer *("custodian")* van die minerale en petroleumhulpbronne, mag die staat, deur middel van die Minister: (a) *"Grant, issue, refuse, control, administer and manage any reconnaisance permission, prospecting right, permission to remove, mining right, mining permit, retention permit, technical co-operation permit, reconnaisance permit, exploration right and production right; and (b) In consultation with the Minister of Finance,*

*determine and levy, any fee or consideration payable in terms of any relevant Act of Parliament."*

**4.3 Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne**

Die wetgewing se doel is om die erfenishulpbronne van Suid-Afrika te assesseer en te bestuur, asook voorsiening te maak vir die beskerming en bestuur van bewaringswaardige plekke en gebiede. Erfenishulpbronne het blywende waarde in hul eie reg en lewer bewyse van die oorsprong van die Suid-Afrikaanse samelewing en aangesien dit waardevol, nie-hernubaar en onvervangbaar is, moet dit versigtig bestuur word om hul voortbestaan te verseker. Die staat het 'n verpligting om erfenishulpbronne in belang van alle Suid-Afrikaners te bestuur.

Wanneer ŉ mynverwante /prospektering-aansoek ingedien word, moet daar dus in die verslae ook voorsiening gemaak word vir die ondersoek na erfenishulpbronne wat onherstelbaar beskadig kan word deur mynbou-aktiwiteite. Hierdie hulpbronne kan van die volgende insluit:

- voorwerpe uit die grond of waters van Suid-Afrika, insluitend argeologiese en paleontologiese voorwerpe, meteoriete en skaars geologiese monsters,
- visuele kuns voorwerpe, (kan insluit potskerwe van bv. die Koi-mense)
- militêre voorwerpe,
- voorwerpe van kulturele en historiese betekenis, (kan insluit geboue wat ŉ geskiedenis het aangaande die oprigting daarvan / gebruik. Geboue ouer as 60 jaar is vanselfsprekend ŉ kultuur erfenis en moet daar met groot ontsag te werk gaan veral indien plofstof in die omgewing gebruik word)
- voorwerpe waaraan mondelinge tradisies gekoppel is en wat met lewende erfenis geassosieer word,
- voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang.

Die belangrikste en algemeenste voorkoms is grafte wat met die grootste respek hanteer moet word. Elke grondeienaar moet dus weet waar is grafte op sy eiendom en aan wie die grafte behoort. Indien daar grafte is wat aan ŉ stam behoort, moet daar aangedring word dat die myn ook met die nageslagte van die persoon aan wie die graf behoort, konsulteer.

Die South African Heritage Resources Agency (SAHRA) moet gekontak word indien daar enige moontlikheid bestaan dat erfenis beskadig kan word deur mynbou/prospektering-aktiwiteite.

**4.4 *Mining Charter* (Staatskoerant No 41714 VAN 15 Junie 2018)**

Die *Mining Charter* is een van die wetgewings wat eensydig bogemiddelde voordeel gee aan swart persone. Transformasie van die mynsektor word duidelik uiteengesit in die Mining Charter en is mynmaatskappye verplig om aan die vereistes te voldoen. Vanuit hierdie wetgewing, is daar onder andere die verpligting van die sosiale en arbeidsplan. As landbousektor is dit noodsaaklik om hierdie regulasies tot voordeel van die gemeenskap te gebruik.

Sedert die inwerkingstelling van die regulasies, moet alle mynbou instansies ŉ BEE aandeelhouding van minimum 30% handhaaf.

TLU SA

'n Sekere persentasie van die mynbougoedere verkrygingsbegroting moet aan swart entrepreneurs se goedere bestee word:

'n Minimum van 80% van die totale besteding aan dienste afkomstig van Suid-Afrikaanse maatskappye.

'n Regtehouer moet 'n minimum van 70% van sy totale navorsings- en ontwikkelingsbegroting aan Suid-Afrikaans gebaseerde navorsings- en ontwikkelingsentiteite bestee.

'n Regtehouer moet Suid-Afrikaans gebaseerde maatskappye gebruik vir die ontleding van 100% van alle mineraalmonsters. In die opsig moet daar navraag gedoen word aangaande die maatskappy wat die ontleding van die mineraalmonsters gaan doen.

’n Regtehouer moet 3,5% van die hefbare bedrag belê op noodsaaklike vaardigheidsontwikkeling soos wetenskap, tegnologie, ingenieurswese, wiskundevaardighede asook ambagsmanne, beurse, geletterdheid- en syfervaardighede vir werknemers en nie-werknemers (gemeenskapslede).

Daar moet dus daarop aangedring word dat die mynmaatskappy in die omgewing belê wat ekonomiese ontwikkeling kan ondersteun. Hierdie belegging moet in verhouding met nasionale of provinsiale demografie wees.

Daar moet dus duidelik bepaal word wat die demografie is en waar daar moontlikheid van 1% nie-swart is, moet die belegging ook daardie 1% insluit.

'n Regtehouer moet, in konsultasie met relevante munisipaliteite, myngemeenskappe, tradisionele owerhede en geaffekteerde belanghebbendes ontwikkelingsprioriteite van myngemeenskappe identifiseer. Die geïdentifiseerde ontwikkelingsprioriteite moet vervat word in die voorgeskrewe en goedgekeurde maatskaplike en arbeidsplan van 'n regtehouer. Sien hieronder gedeelte oor die maatskaplike en arbeidsplan *(Social and Labour plan)*.

## 5. DIE TAAK VAN DIE STAATSOWERHEID BY TOEKENNING VAN PROSPEKTEER- EN ONTGINNINGSPERMITTE EN -REGTE

Die Nasionale Wysigingswet op Omgewingsbestuurswette (No 25 van 2014 NEMLA 3) vorm deel van die reeks wetgewing wat aanleiding gee tot die "een Omgewingstelsel" vir die land. Die Minister van Minerale Hulpbronne sal omgewingsverklarings en afvalbestuurslisensies uitreik. Die Minister van Omgewingsake sal die appèlgesag vir hierdie magtiging wees. Onder die "Een omgewingstelsel" het die Minister van Omgewingsake, die Minister van Minerale bronne en die Minister van Waterwese ooreengekom op vaste tydraamwerke vir die oorweging en uitreiking van permitte, lisensies en magtigings in hul onderskeie wetgewing. Daar is ook ooreengekom om die uitreiking van permitte, lisensies en magtigings (300 dae) te sinchroniseer en, indien die besluit geappelleer word, ŉ bykomende tydperk van 90 dae vir die oorweging en beslegting van appèlle.

Die taak van die regering is om te verseker dat die regte van alle Suid-Afrikaners beskerm word en dat publieke geregtigheid teenoor almal sal geskied. Dit staan grondeienaars vry om vir sodanige permitte en regte aansoek te doen. Ingevolge die huidige stand van die reg mag ook nie-grondeienaars aansoek doen om sodanige vergunnings te bekom en te benut. By die

uitoefening van die regte van grondeienaars en ander partye wat oor prospekteer- of ontginningsvergunnings beskik, geld die volgende regsbeginsels:

- Die vergunnings om te prospekteer en/of te ontgin, moet sodanig uitgeoefen word dat buite-partye soos grondeienaars, gemeenskappe, waterverbruikers ensovoorts, se regte nie benadeel word nie.
- Die beginsel in die burereg geld dat benutting van eiendom deur grondeienaars of ander gebruikers van hul eiendom, nie op onregmatige wyse mag geskied tot nadeel van naasliggende eiendomme nie.
- Die kernbeginsel is dus dat grondeienaars en andere (soos mynmaatskappye) hul prospekteer- en ontginningsregte op so 'n wyse sal uitoefen dat andere nie benadeel sal word nie.

**6. DIE BELANGRIKSTE ROLSPELERS IN MYNBOUVERWANTE AKSIES.**

Hierdie afdeling verwys na die volgende persone, departemente en komitees wat almal belangrike rolle speel by regulering van mynbou:

Die Departement van Omgewingsake (DEA) is die nasionale departement van die regering wat verantwoordelik is om seker te maak dat die omgewing en natuurlike hulpbronne (soos minerale) beskerm word en volhoubaar gebruik word. Om die omgewing te beskerm is ook die taak van die provinsiale regering en elke provinsie het sy eie omgewingsdepartement.

Die Departement van Waterwese (DWA) is 'n nasionale departement van regering en is die bewaarder van Suid-Afrika se waterbronne. Dit moet verseker dat water op 'n volhoubare manier gebruik word.

Die Departement van Minerale Hulpbronne (DMR) is die nasionale departement van die regering wat verantwoordelik is vir die bevordering en die volhoubare ontginning van Suid-Afrika se minerale hulpbronne en om te verseker dat alle Suid Afrikaners baat vind by mynbou.

Die *Environmental Assessment Practitioner* (EAP) is 'n onafhanklike persoon wat die impak beoordeel wat die voorgestelde mynbou in die omgewing en geaffekteerde gemeenskappe sal hê. Gewoonlik sal EAP's diegene wees wat in die gemeenskap kom, om die grond en water te assesseer en met die belanghebbende en geaffekteerde persone konsulteer.

Belangstellende en geaffekteerde partye (B&GPe) sluit alle mense in wat deur die voorgestelde mynbou geraak word of 'n belang in die mynbou het. Dit sluit grondeienaars en elke lid wat grond besit in soos gemeenskappe, huurders, bewoners, inwoners, werkers, elke lid van naburige gemeenskappe, tradisionele owerhede, elke persoon wat tans die grond gebruik vir residensiële gebruik, weiding, ploeg, jag ens., en ander geaffekteerde persone.

Die mynmaatskappy (ook genoem die aansoeker) – sodra 'n persoon of maatskappy 'n aansoek indien by die DMR vir 'n mynreg, permit of 'n prospekteerreg, staan dit bekend as die aansoeker. Sodra die reg toegestaan is, word die applikant die regtehouer genoem.

Die Streekbestuurder is 'n werknemer van die DMR wat aangestel is om 'n streekkantoor te bestuur, byvoorbeeld die Mpumalanga-streekkantoor, wat in Witbank gesetel is. Die

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

Streekbestuurder beveel aan die Minister van Minerale Hulpbronne of 'n mynreg, prospekteerreg of permit toestaan moet word of nie

## 7. ONTGINNINGSREGTE EN -PERMITTE

Die Departement van Minerale Hulpbronne en die Minister van Minerale Hulpbronne dra die verantwoordelikheid om te verseker dat die minerale hulpbronne van Suid-Afrika regmatig en ordelik bestuur word. Die Minister en die Departement beskik oor die diskresie om te bepaal wie vergunnings ontvang om te ontgin en waar sodanige ontginning mag plaasvind. Alvorens enige ontginningsaktiwiteite mag plaasvind, is ŉ ontginningsmaatskappy verplig om die vereiste toestemming van die Minister of Departement, in die vorm van ŉ permit of lisensie te ontvang, ten einde ontginningsaktiwiteite van stapel te stuur. Die toekenning van regte en permitte om ontginningsaktiwiteite van stapel te stuur, word ingevolge die Wet op Ontwikkeling Van Minerale en Petroleum, 28 van 2002 (MPRDA) gereguleer.

## 8. TIPES MYNBOUVERWANTE AKTIWITEITE

Die volgende mynbouverwante aktiwiteite kan uitgevoer word:

- Reconnaissance Doen ‘n omgewingsopname (bv. Topografie)
- Prospektering die voorneme om te soek vir enige minerale (bv. Gate boor)
- Eksplorasie Bepaal die omvang van die neerslag en die ekonomiese lewensvatbaarheid van die potensiële myn
- Myn Die aktiwiteit van onttrekking van die mineraal
- Produksie Verwerking van die mineraal (byvoorbeeld Smeltery)

## 9. AKTIWITEITE

### 9.1 Prospekteerregte

Verleen toestemming aan die houer daarvan om ŉ spesifieke area te ondersoek met die oog op identifisering van moontlike minerale-/ gasneerslae. Hierdie reg is geldig vir tot 5 jaar, maar mag eenmalig vir ŉ bykomende tydperk van 3 jaar hernu word.

Vir prospektering, benodig ŉ ontginningsmaatskappy die vereiste toestemming van die Regering om sodanige prospektering van stapel te stuur. Sodanige toestemming kan aanlyn bekom word deur die Minister van Minerale Hulpbronne te nader vir die toekenning van ŉ “prospekteerreg”. Die prospekteerreg verleen aan die betrokke maatskappy of individu toestemming om monsters van die grond en ondergrondse formasies te neem om te bepaal of minerale/gas in ŉ bepaalde gebied voorkom.

Prospektering: Alvorens ŉ ontginningsmaatskappy in ŉ bepaalde gebied ontgin, is dit nodig om die ontginningspotensiaal van die betrokke gebied te bepaal. Meestal is delf-aktiwiteite en toets van grondmonsters nodig om te bepaal of minerale- of gasbronne onder die grondoppervlak voorkom. Dié proses staan bekend as “prospektering” wat in werklikheid beteken die vergader of soek na fisiese bewyse van minerale. Daar moet nog steeds ŉ wesenlike vermoede bestaan dat die spesifieke mineraal wel teenwoordig kan wees. Die opsie van nie-indringende prospektering is wel ook toepaslik waar daar in werklikheid slegs studies en grondoppervlakte ondersoek word sonder die boor van gate. Die nie-indringende

prospektering moet nie ligtelik opgeneem word nie aangesien die impak nog steeds bestaan van toegang tot privaat eiendom, vreemde arbeid wat die eiendom betree en die teenwoordigheid van die aansoeker op die eiendom vir die totale tydperk van die prospekteringsreg.

Oor welke regte beskik maatskappye en individue wat toestemming tot prospektering ontvang het?

Indien ŉ reg of permit toegeken is, mag die houer van die reg of permit voortgaan om die aktiwiteite uit te voer waarvoor die reg of permit toegeken is op die spesifieke eiendom waarop die reg toegestaan word. Die houer van so ŉ prospekteerreg, kan voortgaan met prospektering. Die reg maak ook voorsiening vir verskeie bykomende aktiwiteite wat uitgevoer mag word. Die houer van ŉ prospekteerreg mag ook:

1. die terrein aangedui in die toestemming met sy of haar werknemers betree;

2. masjinerie of toerusting vir die aktiwiteite na die terrein bring;

3. die nodige infrastruktuur oprig wat vir die aktiwiteite nodig mag wees;

4. water uit mere, riviere of strome op die grond benut; en

5. boorgate sink.

(Ingevolge artikel 5(3) en 27(7) van die MPRDA)

**9.2 Mynbou / Ontginning**

In geval waar die maatskappy of individu neerslae van minerale/gas vind, mag dié entiteit besluit om tot ontginning daarvan oor te gaan. Vir dié doel mag die maatskappy of individu aansoek doen by die Minister van Minerale Hulpbronne vir toekenning van ŉ ontginningspermit (in geval van kleinskaalse ontginning) of ŉ ontginningsreg (om tot grootskaalse ontginning oor te gaan).

Dit is baie belangrik dat die behoefte en wenslikheid uiteindelik moet aanspreek hoe die mynontwikkeling regverdigbaar is op grond van sosiale, omgewings- en ekonomiese uitkomste. Inligting wat gebruik word om behoefte en wenslikheid te assesseer, moet ook bewys gebaseer wees en nie subjektief nie.

Ontginningspermit: ŉ Permit om te ontgin verleen aan ŉ maatskappy of individu vergunning om op ŉ klein area van die grondoppervlakte te ontgin (nie meer as 15 hektaar) vir ŉ beperkte tydperk van tot 2 jaar. Die moontlikheid om die permit te verleng is beskikbaar aan die ontwikkelaar deur aansoek aan die minister en kan op diskresie van die minister toegestaan word.

Ontginningsreg: ŉ Reg om te ontgin verleen aan die maatskappy of individu toestemming om vir ŉ tydperk van tot 30 jaar te ontgin.

Ontginningsregte verleen aan die draer daarvan die reg om minerale/gas binne ŉ spesifieke area te ontgin. Sodanige reg is geldig vir ŉ tydperk tot 30 jaar. Finansiële en ander voorsiening

wat versoenbaar is met die ontginningsoperasie vir omgewingsbestuur sowel as voorsiening vir ŉ sosiale en arbeidsplan moet gemaak word.

Al bogenoemde ontginningsaktiwiteite mag slegs plaasvind indien maatskappye of individue oor die nodige toestemming beskik. Afhangend van die fase waarin die ontginningsmaatskappy bedrywig is, moet hul aansoek doen om ŉ “prospekteerreg”, ŉ “ontginningspermit” of ŉ “ontginningsreg”.

Ontginningspermitte verleen aan die draer daarvan die reg om ontginning op klein skaal te bedryf binne ŉ area wat nie 1.5 hektaar te oorskry nie. Sodanige permit is geldig vir die tydperk op die permit aangedui welke tydperk nie 2 jaar mag oorskry nie en wat 3 keer hernu mag word vir tot 1 jaar vir elke hernuwing.

**9.3 Hidro-Breking (Fracking)**

Die term hidro-breking verwys na die hoëdruk inspuiting van water gemeng met vloeibare chemiese bymiddels – insluitend wrywingsverminderaars, chemiese middele en sure – en “stutmiddels” soos om breuke in diep rotsformasies soos skalie te skep, wat olie of gas toelaat om uit te vloei. In terme van mynbou ontwikkeling, is hidro-breking van die mees onlangse metodes wat oorweeg word. Daar is nie voldoende geskiedkundige inligting beskikbaar oor die invloed van hidro-breking nie, maar die grootste bekommernis is die invloed op waterbronne. Die metode van hidro-breking opsigself is nie die grootste bekommernis nie, maar wel die wrywingsverminderaars, chemiese middels en sure wat bygevoeg word wat natuurlike bronne onherstelbaar kan beskadig. Hidro-breking speel ŉ belangrike rol in die vervanging van fossielbrandstof soos steenkool as ŉ bron van energie. Indien hierdie projek ondersoek en hanteer word, moet daar indiepte ondersoek geloods word na die chemikalieë wat gebruik word in die proses.

**10. TOEGANG TOT PRIVAAT EIENDOM**

Hoewel die Grondwet grondeienaars se eienaarskap van hul eiendom implisiet beskerm, maak die MPRDA moontlik vir myn maatskappy om 'n reg te kry om die minerale op grond te ontgin, sonder die grondeienaar se toestemming. As gevolg hiervan, kan 'n mynmaatskappy deur ŉ mynreg toegelaat word om 'n individu en 'n gemeenskap se gebruik en genot van die grond wat hulle besit, woon of bewerk, weg te neem.

As 'n mynmaatskappy egter 'n reg gegun word om te prospekteer of te myn, of as hy studies en toetse wil doen, kan dit slegs gedoen word op die eiendom tensy daar toestemming gevra is. Die mynmaatskappy moet in onderhandelinge tree met die grondeienaar, huurder of 'n lid van 'n gemeenskap wat oor grond beskik, gebruik of ander wettige okkupeerder en ooreenkom oor die gebruik van die eiendom vir mynbou of prospektering. Dit is egter belangrik om te onthou die mynmaatskappy het nie die grondeienaar se toestemming nodig om 'n mynreg te kry om op ŉ grondeienaar se grond te myn nie. As die mynmaatskappy nie 'n ooreenkoms met 'n grondeienaar of okkupeerder bereik vir toegang nie, kan die mynmaatskappy of die grondeienaar / okkupeerder die Streekbestuurder in kennis stel. Die Streekbestuurder sal elke party se saak aanhoor en besluit hoe om voort te gaan om die dispuut op te los. Die Streekbestuurder mag besluit oor die vergoeding wat aan die grondeienaar of huurder betaal moet word deur middel van 'n onafhanklike arbiter. Die arbiter

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

sal 'n besluit neem en beide die grondeienaar of okkupeerder en die mynmaatskappy moet die besluit gehoorsaam.

In sommige gevalle kan die Streekbestuurder aanbeveel dat die grond deur die regering onteien word en daar sal vergoeding aan die grondeienaar betaal word.

Indien die grondeienaar 'n mynmaatskappy toegang tot sy eiendom weier wanneer al die stappe hierbo gevolg is en die mynmaatskappy probeer het om met die grondeienaar oor vergoeding ooreen te kom, kan die saak na 'n hof verwys word om toegang tot die eiendom te gee. As 'n mynmaatskappy dreig om die grondeienaar of enige lede van die gemeenskap na die hof te neem, moet daardie persone regsverteenwoordiging aanwys om die saak te beredder.

Waar die grond ingevolge tradisionele gewoontereg besit of gebruik word, moet die mynmaatskappy daardie reg respekteer.

Ingevolge tradisionele gewoontereg en die wetgewing op die beskerming van informele grondregte, kan geen individu, of leier of 'n gemeenskapslid, 'n ooreenkoms met 'n myn aangaan wat die gebruik van gemeenskaplike grond sonder 'n meerderheidstem deur individuele regtehouers belas of vervreem nie. Individue moet versigtig wees wanneer gevra word om 'n ooreenkoms met 'n mynmaatskappy te maak oor vergoeding. Vra altyd vir regsadvies voordat enige ooreenkoms met die myn onderteken word.

### 10.1 Plaasbesoek Protokol

Indien ŉ entiteit toegang tot privaat eiendom verlang onder voorwendsel dat daar ŉ aansoek ingedien is vir die mineraalregte in terme van die wet, kan die eienaar wel so ŉ persoon toegang weier indien hy/sy nie ŉ reeds toegekende en wettige reg as bewys kan lewer nie.

Vir toegang tot eiendom moet elke grondeienaar veiligheidsreëls vasstel wat tydens die aksies gevolg moet word. Daar moet in ag geneem word dat die teenwoordigheid van werkers op u eiendom die risiko van veldbrande verhoog.

Die versoeking vir onwettige jag bly altyd groot.

By verbreking van enige van die toegangsvoorwaardes mag die mynmaatskappy se personeel verwyder word totdat sekerheid verkry is dat die oorsaak van die probleem uit die weg geruim is.

Maak seker dat u ŉ afskrif van die Plaasbesoek Protokol byderhand het sodat u ŉ afskrif aan elke individu kan oorhandig.

Die voorskrifte in die plaasbesoek protokol is NIE onderhandelbaar NIE.

## 11. PROSES

### STAP 1

Die proses begin met die indiening van ŉ aansoek deur die aansoeker by die Streekbestuurder. Die wetgewing bepaal die aansoek moet aan minimum vereistes voldoen. Slegs indien die aansoek ten volle aan alle vereistes voldoen, sal die aansoeker in kennis

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

gestel word of die aansoek aanvaar, verwerp word of alternatiewe voorstelle vir wysigings in die aansoek bestaan om die aansoek te kan aanvaar. Die aansoeker word per skrywe vanaf die Departement Minerale Sake in kennis gestel van die status van die aansoek. Die aanvaardingskrywe plaas sekere verpligtinge op die aansoeker waaraan voldoen moet word binne ʼn tydgleuf in ooreenstemming met die wetgewing. Wanneer die aansoek oorweeg word, moet daar deur die Departement Minerale Sake aandag gegee word aan die vermoë van die aansoeker om te beskik oor die finansiële voorsiening.

**WAARSKUWING:** Dit het in verskeie gevalle voorgekom dat aansoekers met slegs ʼn aanvaardingskrywe by grondeienaars opdaag met vereistes om die eiendom te betree. Die aanvaardingskrywe word dan as bewys van reg bedien op die grondeienaar. ʼn Aanvaardingskrywe is slegs ʼn bewys dat die aansoek aanvaar is en die vereistes waaraan voldoen moet word. Dit gee geensins enige reg tot toegang tot die eiendom of die aanvang van enige mynbouverwante aksies nie.

In die aanvaardingskrywe sal daar onder andere vermeld word van die konsultasieproses wat onderneem moet word.

**STAP 2**

Konsultasie moet met belangegroepe binne 30 dae na die datum van die kennisgewing afgehandel wees. Die konsultasieverslag moet in die omgewingsverslae ingesluit word. Die enigste aspek waar belanghebbende en geaffekteerde persone enige insae, bydrae en kommentaar kan lewer is op die omgewinggoedkeuring. Daar is slegs geleentheid om die impakte aan te spreek wat die oorweging van goedkeuring kan beïnvloed.

Die grondeienaar het wel die geleentheid om binne 30 dae beswaar aan te teken teen die aansoek. Indien besware of kommentaar ingedien word in reaksie op 'n artikel 10-kennisgewing, moet die Streekbestuurder 'n vergadering van RMDEC (Regional Mining Development and Environmental Committee) belê. Die Komitee bestaan uit amptenare van die Departement Minerale Sake en ander departemente wat die Departement Omgewingsake en Departement Watersake moet insluit. Die appelleerder kan genooi word om met RMDEC te praat. RMDEC se funksie is om na die beswaar te luister en om 'n verslag aan die Minister van Minerale Hulpbronne te stuur, wat die beswaar moet oorweeg wanneer die besluit geneem word om die reg toe te staan of nie. Dit kan ook 'n geleentheid wees om meer inligting oor die mynbou by die Departement Minerale Sake en die mynmaatskappy in te samel.

Dit het egter by geleentheid voorgekom dat hierdie komitee die aansoeker meer ondersteun as om die geskil op te los. Grondeienaars word aanbeveel om nie individueel by hierdie proses betrokke te raak nie. Wanneer hierdie stap oorweeg word, moet ondersteuning gebied word deur persone met ondervinding om die aangeleentheid met samewerking van die grondeienaar te hanteer.

Die aanvaardingskrywe sal die indiening van relevante omgewing verslae asook konsultasieproses met notules van vergaderings en plasing van skrywes en kommentaar duidelik uiteensit en moet binne 60 dae na die datum van die kennisgewing (aanvaarding skrywe) geskied. U as belanghebbende en geaffekteerde party moet die skrywe se inligting noukeurig nagaan. Die verwysingsnommer van die aansoek is uiters belangrik aangesien alle

verdere kommunikasie die verwysingsnommer moet bevat ten einde u kommentaar en inligting korrek te kan verbind aan die spesifieke aansoek.

Hoe om te werk te gaan om te bepaal of ŉ mynmaatskappy of individu ŉ prospekteerreg, ontginningspermit of ontginningsreg ontvang het.

Binne 14 dae na die ontvangs van die aansoek van die ontginningsmaatskappy of individu moet die Streeksbestuurder (ŉ werknemer van die Departement deur die Minister aangewys) ŉ kennisgewing in die streekskantoor van die Departement vertoon en dit in ŉ plaaslike koerant of ander nuusbronne publiseer of by die Landdroshof vertoon. Die kennisgewing moet ŉ uitnodiging bevat dat belanghebbende en geaffekteerde persone hul kommentare, bekommernisse en besware binne 30 dae na die verskyning van die kennisgewing, aan die Departement moet stuur.

(Ingevolge artikel 10 van die MPRDA).

**12. KONSULTASIE EN OPENBARE DEELNAME**

Indien ŉ ontginningsmaatskappy beoog om te prospekteer of om ŉ nuwe myn op te rig, vereis die reg van die maatskappy om met die gemeenskap en ander persone wat moontlik deur die beoogde projek geaffekteer word, in gesprek te tree alvorens ontginning ŉ aanvang mag neem. Gewoonlik onderneem hul dié aksies deur afgevaardigdes (omgewingskonsultante) vir ontmoeting met die betrokke gemeenskap. Na hierdie gesprekke word verwys as "openbare deelname" en stel die gemeenskap en andere in staat om besluite van die maatskappy te beïnvloed.

**12.1 Waarom is openbare deelname belangrik?**

Die proses van openbare deelname verseker dat die potensiële impak van enige mynbouverwante ontwikkeling op individue en die gemeenskap oorweeg word. Dié proses werk ook daartoe mee dat die gemeenskap die maatskappy se planne in die gebied beter verstaan, hoe om benadeling van die omgewing te bestuur en welke voordele die gemeenskap by aanvaarding van die risiko sal ontvang. Openbare deelname is belangrik omdat dit:

Die onderskeie behoeftes van die gemeenskap beklemtoon en moedig die gemeenskap aan om betekenisvol tot die besluitnemingsprosesse wat effek op hulle mag hê, by te dra. Die omgewingsimpakverslae moet die moontlikheid bepaal van enige skade of verlies wat die grondeienaar mag ervaar. Daar moet versagtende implementering aangewys word ten einde die graad van impak aan te spreek.

Billike en redelike voorwaardes en vereistes wat die grondeienaar kan instel moet tydens die konsultasieproses duidelik uiteengesit word en indien daar nie aan die voorwaardes en vereistes voldoen kan word nie, moet die grondeienaar en/of partye die goedkeuring teenstaan deur appèl aan te teken by die Minister om die goedkeuring te heroorweeg.

Die grondeienaar het die reg om op alle inligting kommentaar te lewer waarop die minister die besluit van goedkeuring gaan neem. Konsultasie is dus ŉ proses waar genoeg inligting gegee word asook voldoende tyd om te sorg dat die grondeienaar ŉ ingeligte besluit kan neem en

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

ingeligte kommentaar kan lewer. Daar moet dus te alle tye gewaak word dat die tydgleuf beskikbaar vir kommentaar voldoende is om die inligting te verwerk. Indien die verslae baie omslagtig is moet daar reeds vir uitstel van indiening van kommentaar aansoek gedoen word by die konsultante.

Maak voorsiening vir deursigtigheid in die proses en verleen aan gemeenskappe ŉ weg om die proses te volg en ingelig te bly oor wat beplan word.

Verleen aan gemeenskappe geleenthede om enige ontwikkelingsplanne van die maatskappy te versoek en om nakoming daarvan te monitor.

Laastens gee dit aan lede van die gemeenskap geleentheid om met hul tradisionele leiers ŉ platvorm te deel of hul eie verteenwoordigers te identifiseer; dit verhoed arbitrêre besluitneming en voorkom dat nie-legitieme verteenwoordigers daarop aanspraak kan maak dat hul namens gemeenskappe handel.

By registrasie as belanghebbende en geaffekteerde party moet daar reeds navraag gedoen word oor die publieke deelnameproses. Indien die aansoeker by die sperdatum van die aanvaardingskrywe soos gespesifiseer nog nie die publieke deelname proses onderneem het nie, moet daar by wyse van ŉ skrywe navraag gedoen word oor die rede vir die nalating van die publieke deelname proses sowel as die versoek of daar enige aansoek vir kondonering ingedien is by die Departement Minerale Sake met bewys van konderingsaansoek. Indien daar geen terugvoer van die aansoeker in die verband verkry is nie, moet die aangeleentheid dringend met die Departement Minerale sake per skrywe gerapporteer word om te verhoed dat die aansoek nie goedgekeur word sonder die publieke deelname proses of waninligting aan die Departement Minerale Sake voorgelê word waarop die aansoek goedgekeur word nie.

### 12.2 Wat bepaal die reg en ander beleidstukke oor openbare deelname?

Openbare deelname is ŉ vereiste ingevolge nasionale beleide. Ten einde effek te gee aan hierdie beleide, vereis die reg dat die mynmaatskappy sal konsulteer met die mense en gemeenskappe wat tydens die onderskeie fases van die mynaktiwiteite geaffekteer word. Dit is nuttig om mynmaatskappye daaraan te herinner dat ingevolge die volgende beleidstukke en wetgewing van hul verwag word om in openbare deelname betrokke te raak:

#### 12.2.1 Wet op Ontwikkeling van Petroleum en Minerale

Artikels 10(1)(b), 22(4)(b), 27(5)(b) en 39 van die Wet op Ontwikkeling van Petroleum en Minerale Hulpbronne, 28 van 2002 (MPRDA) vereis dat die mynmaatskappy openbare deelname of konsultasies met die gemeenskap fasiliteer.

#### Artikel 10 kennisgewing en indiening van kommentaar aan die Departement van Minerale Hulpbronne

Ingevolge artikel 10 van die MPRDA en Regulasie 3 van die MPRDA Regulasies: 14 dae nadat die myn aansoek doen om ŉ ontginningspermit, ontginningsreg of prospekteerreg, is die Streekbestuurder verplig om ŉ kennisgewing aan te bring wat lui dat die aansoek ontvang is en dat persone versoek word om kommentaar op die aansoek te lewer. Hierdie is die eerste

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

geleentheid wat ŉ gemeenskap het om die Regering in te lig oor hul bekommernisse indien ŉ nuwe myn na die gebied kom.

Wie is die Streekbestuurder?

Die Streekbestuurder is ŉ werknemer van die Departement van Minerale Hulpbronne wat deur die DG aangewys is om die gebied te oorsien waarin die myn geleë is. Streke word bepaal deur die DG. Navraag kan by die Departement van Minerale Hulpbronne gedoen word in welke streek die myn geleë is en wie die Streekbestuurder vir die betrokke streek is.

Waar kan ŉ artikel 10-kennisgewing gevind word?

Regulasie 3(1) en (3) van die WPRDA Regulasies bepaal dat die kennisgewing op ŉ openbare kennisgewingbord by die kantoor van die Streekbestuurder aangebring moet word, sowel as aangebring op of gepubliseer op minstens een van die volgende wyses:

• In die betrokke Provinsiale Koerant;

• By die plaaslike Landdroshof; of

• In ŉ advertensie in ŉ plaaslike of nasionale koerant wat sirkuleer in die gebied waar die myn geleë sal wees.

Wat die kennisgewing moet bepaal?

Regulasie 3(4) van die MPRD Regulasies bepaal dat die kennisgewing moet:

• Lede van die publiek uitnooi om kommentaar op skrif in te dien;

• Die datum bepaal tot wanneer kommentaar voorgelê mag word (die datum moet minstens 30 dae wees sedert die plasing van die kennisgewing of nadat dit gepubliseer is);

• Verstrek die naam en ampstitel van die persoon aan wie die kommentaar gerig moet word;

• Verstrek die telefoonnommer, posadres, werkadres, straatadres, en indien moontlik, e-posadres en faksnommer van sodanige persoon.

Konsultasie met die mynmaatskappy

Artikels 16(4)(b), 22(4)(b) en 27(5)(b) vereis van die Streekbestuurder om die maatskappy in kennis te stel om met die gemeenskap te konsulteer, by aansoek van ŉ prospekteerreg, ontginingspermit of ontginningsreg.

By aanvaarding van die aansoek van hetsy ŉ prospekteerreg of ŉ ontginningspermit vanaf die maatskappy, moet die Streekbestuurder die myn in kennis stel om met die grondeienaar of wettige okkupeerder te konsulteer, sowel as enige ander geaffekteerde party en die resultaat van die konsultasie binne 30 dae vanaf die plasing van die kennisgewing indien.

Indien ŉ ontginningsregaansoek aanvaar is, moet die Streekbestuurder die mynmaatskappy in kennis stel van die plig om met belanghebbende en geaffekteerde partye te konsulteer binne 180 dae vanaf die plasing van die kennisgewing. Ingevolge regulasie 49(2) saamgelees met regulasie 49(1)(c) en (f), moet die resultaat van die konsultasie vervat wees in ŉ

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

verkenningsverslag (“scoping report”) binne 30 dae van die kennisgewing. Konsultasie is ŉ deurlopende proses en is veronderstel om voort te gaan selfs nadat die verkenningsverslag ingedien word.

**12.2.2 Die Departement van Minerale Hulpbronne se Riglyn vir Konsultasie**

Die Departement van Minerale Hulpbronne (DMR) het ŉ stel riglyne gepubliseer, bekend as ŉ “Riglyn vir Oorlegpleging met Gemeenskappe en Belanghebbende en Geaffekteerde Partye” *(“Guideline for Consultation With Communities and Interested and Affected Parties”)* ten einde duidelikheid te gee aan die implementering van die bepalings van die MPRDA wat konsultasie vereis.

Die Riglyn vereis ŉ Konsultasieverslag wat na ŉ proses van konsultasie ingedien moet word en vereis dat die mynmaatskappy:

• die belanghebbende en geaffekteerde partye moet identifiseer, kennis gee en bewyse daarvan byhou;

• sodanige partye van voldoende detail voorsien van wat die prospekteeraktiwiteite sal behels (dit blyk beperk te wees tot prospektering in die Riglyn);

• om te konsulteer met die oog daarop om ooreenstemming met betrekking tot die bestaande omgewing en die moontlike impak van die voorgestelde aktiwiteite te bereik;

• die uitkoms van vergaderings in die vorm van notules en opnames op rekord te hou;

• die inligting wat aan belanghebbende en geaffekteerde partye voorsien is te beskryf; en

• ŉ lys van die standpunte en bekommernisse van belanghebbende en geaffekteerde partye te maak.

Indien I&APs landelike en histories agtergeblewe Suid-Afrikaners (HDSAs) of persone met spesiale behoeftes (byvoorbeeld ongeletterdheid of gestremdhede) betrokke is, moet die volgende oorweeg word om hul deelname te fasiliteer ten einde potensiële knelpunte te oorkom:

• Aankondiging van die openbare raadplegingsproses oor ŉ plaaslike radiostasie in ŉ plaaslike taal op ŉ toeganglike tyd;

• Gebruik van deelnemende leer- en ander optrede-benaderings deur verduideliking van begrippe en bevordering van omgewingsbewustheid ter bevordering van kapasiteit (met ander woorde die bestaande vermoë van die gemeenskap om betrokkenheid, besluitneming en eienaarskap van die knelpunte te bevorder) van die I&APs om effektief deel te neem en betrokke te raak.

• Respektering van bestaande gemeenskapstrukture, komitees en leiers deur hul toe te laat om leiding te neem by samesprekings en die tempo van vergaderings te bepaal;

• Hou van deelnemende vergaderings op tye en plekke wat die gemeenskap pas;

• Hou van bykomstige vergaderings met kwesbare en gemarginaliseerde groepe;

TLU SA

• Voorsien van maklik leesbare en verstaanbare toegang tot inligting; en

• Voorsien van redelike hulp en ondersteuning aan persone met spesiale behoeftes deur lokale toegangklik te maak en inligting te vereenvoudig.

Hoe kan die Riglyn bekom word?

Die Riglyn is vryelik beskikbaar op die webtuiste van die Departement van Omgewingsake: http://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/dmr_consultation_guideline.pdf

**12.2.3 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996**

Die Grondwet van Suid-Afrika is die hoogste regsgesag in die land en bepaal die rol van die publiek in al drie sfere van regering. Hoofstuk 10 van die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat die fundamentele waardes en beginsels wat die publieke administrasie beheers die beginsel insluit van openbare deelname in beleidmaking en responsief op openbare behoeftes sal wees.

**12.2.1 Die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 107 van 1998 (NEMA)**

NEMA is gepromulgeer om die grondwetlike reg op ŉ skoon en gesonde omgewing te bevorder. Hoofstuk 1 van NEMA bevat die beginsels wat die toepassing van omgewingswetgewing rig. Dié beginsels sluit in:

• Deelname van alle belanghebbende en geaffekteerde partye in omgewingsbestuur moet bevorder word.

• Alle mense moet die geleentheid hê om die begrip, vaardighede en kapasiteit te ontwikkel wat noodsaaklik is vir die verwesenliking van gelyke en effektiewe deelname, veral kwesbare en nie-bevoordeelde persone. Vroue en die jeug moet ook geleentheid tot deelname hê.

• Besluite moet die belange, behoeftes en waardes van alle belanghebbendes in aanmerking neem, insluitend die erkenning van tradisionele kennis.

• Die welsyn en bemagtiging van die gemeenskap moet bevorder word deur middel van omgewingswetgewing, verbetering van omgewingsbewustheid, deel van kennis en ondervinding en ander toepaslike middele.

• Regte van werkers om werk te weier wat nadelig is vir menslike gesondheid of die omgewing en om ingelig te word van gevare in die werkplek moet gerespekteer en beskerm word.

• Besluite moet geneem word op ŉ oop en deursigtige wyse en toegang tot inligting moet in ooreenstemming met die reg voorsien word.

Daar is verskeie NEMA beginsels wat daarop fokus om volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig, vir welke rede openbare deelname wesenlik is.

**STAP 3**

Reageer onmiddellik op die kennisgewing deur te registreer as belanghebbende en geaffekteerde party.

Stel die bure in kennis en benadruk registrasie.

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

Lig die Landbou Unie verteenwoordigers in u omgewing in sodat daar vanuit die spesifieke komitee kundiges kan deelneem.

Lewer kommentaar op inligting. Die verslae wat beskikbaar gestel word is meestal gekopieer van soortgelyke aansoeke. Daar moet dus baie deeglik ondersoek gedoen word na alle inligting in die verslae ten einde te verseker dat dit in werklikheid van toepassing is op die spesifieke gebied. Geen kaart of enige aanwysing mag goedertrou aanvaar word nie. (Byvoorbeeld die tuiste van bere in ŉ grot is definitief nie ŉ Suid-Afrikaanse verslag nie, maar oorspronklik vanaf Kanada. Dit het reeds voorgekom in verslae)

Alle kommentaar moet skriftelik en netjies uiteengesit word. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die kommentaar wat ingedien word, in die finale verslag sal verskyn vir goedkeuring. Hierdie kommentaar kan ŉ wesenlike rol speel by die minister wat die goedkeuring moet oorweeg wanneer aspekte van die kommentaar nie voldoende aangespreek is nie. Die aksie van die omgewingspraktisyn om die kommentaar aan te spreek of nie voldoende aan te spreek nie, kan ŉ deurslaggewende rol speel by die appèl prosedure aangesien hierdie wanadministrasie tot ŉ suksesvolle appèl kan lei.

MOET NIE PERSOONLIKE AANVALSMETODES GEBRUIK IN DIE KOMMENTAAR NIE. Konsentreer op die proses en die inligting.

Maak seker dat jy op hoogte is van beskermde en bedreigde spesies. Verkry die lys van beskermde bome, plante en diere as hulpmiddel om te verseker dat alle impakte op bedreigde spesies aangespreek word. Dit is soms die klein beskermde akkedissie wat ŉ hele projek kan stuit.

**13. OMGEWINGSASSESSERING EN DIE OMGEWINGSASSESSERING PRAKTISYN**

’n Mynmaatskappy moet ’n omgewingsevalueringspraktisyn (EAP) aanstel wat die mynmaatskappy se omgewingsimpakstudies sal voorberei en sal konsulteer

met belanghebbende en geaffekteerde partye.

Die mynmaatskappy moet 'n omgewingsevaluering doen wat beteken hulle moet die nodige assessering doen op die omgewing voor mynbou begin en hul assessering moet beskryf watter impak die mynbou sal hê oor die omgewing en op die gemeenskappe wat in daardie omgewing woon en werk.

Afhangende van die tipe aktiwiteit, kan van die myn vereis word om óf 'n basiese assessering voor te berei of 'n volledige omgewingsimpakstudies (insluitend 'n omvangbepalingsverslag).

Die EAP moet 'n kennisgewing aanbring op die terrein waar mynbou sal plaasvind.

**14. ADVERTENSIE VAN PROJEK IN DIE OMGEWING**

Die volgende is van belang waar ‘n advertensie in die projekomgewing bekend gemaak moet word:

• Die ligging van die plakkaat moet van so ŉ aard wees dat dit opmerklik is. Dit kan dus nie agter ŉ pilaar weggesteek wees nie.

• Die koerant se naam en datum van verspreiding is belangrik. 'n Projek in Limpopo kan dus nie in die Tygerberger verskyn nie. (Dit het al voorgekom)

• Datum van die plasing. Die datum is baie belangrik aangesien daar 'n billike en redelike tyd gegun moet word vir registrasie van belanghebbende en geaffekteerde partye.

• Duidelike inligting oor die projek se omvang en die wetgewing asook die aktiwiteite onder elke wetgewing moet duidelik uiteengesit word.

• Die inligting van die kontakpersoon moet beskikbaar wees.

• Die wyse waarop inligting bekom kan word

• Tydskedules om te reageer op die inligting

• Let daarop dat die persoon(e) wat as omgewingskonsultant (Environmental Assessment Practitioner) aangedui word, hul registrasie nommer verskaf op die kennisgewing/advertensie.

**15. OORHANDIGING VAN KENNISGEWING**

Daarbenewens moet die EAP 'n kennisgewingskrywe oorhandig aan:

• Die eienaar of enigiemand wat die grond beheer

• Enigeen wat op die grond woon en werk

• Mense wat naburige grond besit, woon of werk

• Die munisipale raadslid en belastingbetalersorganisasies

• Enige ander party wat die regering aanwys die EAP moet in kennis te stel

Daar kan ook van die EAP verwag word om 'n advertensie in die koerant te plaas.

Enige onsekerheid oor die proses of die tydlyne, kan versoek word vanaf die EAP. Die EAP moet belanghebbende partye help en seker maak dat hulle al die inligting het wat benodig word oor die tipe aansoek, die manier waarop konsultasie sal plaasvind, watter inligting beskikbaar is en wanneer kommentaar ingedien moet word. As die EAP nie aan die vereistes voldoen nie, is die konsultasieproses nie behoorlik gevolg nie en u sal in staat wees om die uitslag op grond hiervan uit te daag in 'n appèl.

**16. KOMMUNIKASIE VANAF DIE BELANGHEBBENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTYE :**

Die eerste kommunikasie wat u as grondeienaar sal rig na aanleiding van die uitnodiging om deelname sal moontlik die volgende insluit:

- Die versoek dat u as belanghebbende en geaffekteerde party geregistreer moet word. U kontakinligting en u belang moet in hierdie skrywe verklaar word. In baie gevalle sal die EAP die belanghebbende en geaffekteerde partye van 'n vooraf opgestelde registrasie dokument voorsien. Hierdie is 'n baie belangrike stap wat geneem moet word aangesien u registrasie die omgewingskonsultante onder verpligting plaas om alle tersaaklike inligting aan u te verskaf. Die omgewingskonsultante moet binne 'n

redelike tyd wat nie langer as 7 dae moet wees nie, skriftelik aan u bevestig dat u geregistreer is as ŉ belanghebbende en geaffekteerde party. Na hierdie registrasie word die geregistreerde party in meeste gevalle voorsien van die Basic Assessment Report (BAR). Die verslag kan ook in die skrywe aangevra word. U kan reeds in hierdie opsig kommentaar lewer wat sake van belang mag wees.

- Die aansoeker en omgewingskonsultante moet in kennis gestel word dat toegang voorbehou word en u kan reeds u moontlike probleme daarin uiteensit.
- Versoek die omgewingimpakstudieverslag en doen navraag wanneer die verslag beskikbaar gestel sal word vir publieke deelname.

MOET GEEN INDIVIDUELE AFSPRAAK MAAK MET DIE KONSULTANTE / AANSOEKER NIE. Konsultasie is in die meeste gevalle ŉ baie uitgebreide proses wat gevolg moet word en u as grondeienaar kan om die bos gelei word deur konsultante wat sonder afspraak by u eiendom opdaag om sommer "gou" net oor die aansoek te gesels. Wanneer u hierdie ontmoeting akkommodeer, word hierdie aksie reeds afgemerk dat daar met u gekonsulteer is. Indien u nie reeds ondervinding in die hantering van hierdie tipe aksies het nie, kan dit daartoe lei dat u in die verdere proses gestoomroller word sonder die nodige vergunning om u saak verder te stel.

Waar verskeie grondeienaars betrokke is, is daar altyd die moontlikheid dat die aansoeker / omgewingskonsultante partye teen mekaar kan afspeel.

Vanuit georganiseerde landbou moet daar te alle tye vooraf ŉ vergadering gefasiliteer word met slegs belanghebbende partye asook alle grondeienaars en die aspekte bespreek word asook die wyse waarop die aansoek verder hanteer sal word deur geaffekteerde partye. Dit is die volle reg van partye om te oorweeg om regsverteenwoordiging te verkry in die hantering van die aangeleentheid.

Geen dokument moet geteken word indien die konsultante / aansoeker by u eiendom opdaag nie. Die omgewingskonsultante kan die geleentheid misbruik om die getekende dokument te gebruik ten einde bevestiging van konsultasie te erken wat egter nie die geval is nie. Moet ook geensins die neem van foto's met u as grondeienaar met die konsultante toelaat nie. U teken slegs u teenwoordigheid by amptelike vergaderings as bevestiging dat u die vergadering bygewoon het.

**16.1 Wie het deel aan openbare deelname?**

Indien die grond waarop ŉ gemeenskap woonagtig is, deur mynbou-aktiwiteite geaffekteer word, beskik elke lid van die gemeenskap oor die status van ŉ "belanghebbende en geaffekteerde party" (I&AP). I&AP's sluit in individue, groepe of instellings, sowel as Staatsdepartemente wat invloed in die besluitnemingsproses of op die projek uitoefen. Enige I&AP mag deelneem aan die proses van openbare deelname. Voorbeelde van I&APs is:

(i) Gemeenskappe in die omgewing van die projek.

(ii) Grondeienaars (tradisioneel sowel as diegene wat oor titelaktes beskik)

(iii) Tradisionele owerhede

(iv) Grondeisers

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

(v) Wettige okkupeerders van grond

(vi) Die Departement van Grondsake.

(vii) Enige ander persoon (insluitend naasliggende en nie-naasliggende grond) waarvan die sosio-ekonomiese omstandighede direk geaffekteer word deur die voorgenome prospektering of ontginningsaktiwiteite

(viii) Die Plaaslike Munisipaliteit.

(ix) Relevante Regeringsdepartemente, agentskappe en instellings wat verantwoordelik is vir die onderskeie aspekte van die omgewing en vir infrastruktuur wat deur die voorgestelde projek geaffekteer mag word. Handelend as ŉ I&AP, mag die gemeenskap verkies om een of meer persone te verkies om hulle tydens konsultasies te verteenwoordig. Voorbeelde van verteenwoordigers is persone wat geag word leiers in die gemeenskap te wees of persone wat oor invloed of politieke mag beskik (soos regeringsamptenare, politieke en godsdiensleiers).

### 16.2 Wat gebeur tydens openbare deelname?

Voldoende openbare deelname behoort:

- Die omvang van die hele projek te bepaal en relevante prosedures en die benadering tot die projek te identifiseer. Die omgewing assessering kan verslae insluit wat die impakte aanspreek.
- Bykomende belanghebbende en geaffekteerde partye te identifiseer, soos landbouers, relevante regeringsdepartemente, kleinbesighede ens.;
- Inligting aan die gemeenskap te voorsien betreffende die projek. Die inligting is relevante data wat die gemeenskap in staat stel om invloed by die besluitnemer uit te oefen. Geleentheid moet ook tydig aan gemeenskappe verleen word om betekenisvolle bydraes te maak;
- Relevante data te versamel insluitend die demografiese samestelling van die gemeenskap;
- Bespreking van alternatiewe en geleentheid om knelpunte en uitdagings te identifiseer en uit te wys;
- Verskaf terugvoer op die bevindinge met betrekking tot die bepaling van die impak op die omgewing; en
- Die gemeenskap geleentheid gee om op ontwikkelingspanne en studies te reageer.
- Dikwels bly mynmaatskappye in gebreke of versuim om inligting aan die gemeenskap te verskaf ten einde hul in staat te stel om hul omgewings- en ander regte uit te oefen. Dit is belangrik dat die gemeenskap die aanvangs- en latere vergaderings en kommunikasies met mynmaatskappye benut om al die verlangde inligting bekom alvorens enige besluit betreffende prospektering of mynaktiwiteite in die gemeenskap onderneem word.

### 16.3 Welke vrae behoort gestel te word tydens die aanvanklike konsultasie proses?

Die mynmaatskappy kan nie sommer na die gemeenskap kom en vra om 'n vorm te teken wat sê jy maak nie beswaar teen mynbou nie. Dit moet die gemeenskap inligting gee oor die

mynbou, dit moet luister na gemeenskapsbekommernisse en dit moet op daardie bekommernisse reageer. Dit is baie belangrik dat die konsultasieproses regverdig gedoen en verseker dat almal 'n kans het om gehoor te word. Konsultasie moet op die regte manier met die regte mense gedoen word.

Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel die mynmaatskappy met jou MOET konsulteer voordat dit ’n mynreg of ’n prospekteerreg kry, vereis die wet nie dat die mynmaatskappy jou toestemming daarvoor moet kry om 'n reg te verkry nie. Die mynmaatskappy moet wel toestemming verkry om die eiendom te betree om dier eg uit te oefen.

Tydens vergaderings met mynmaatskappye en/of konsultante moet daar geleentheid gegun word dat die basiese inligting beskikbaar gestel word. Op hierdie stadium is dit moontlik dat die konsultante reeds die Basiese assesseringsverslag (BAR) na registrasie aan belanghebbende partye voorsien het.

**17. BASIESE ASSESSERINGSVERSLAG**

**Hierdie verslag word gewoonlik voorberei vir klein aktiwiteite wat slegs beperkte impak sal hê. Die basiese assesseringsverslag moet die voorgestelde mynbou of prospektering en die impak daarvan beskryf. Dit moet bepaal wat gedoen sal word om die omgewing te beskerm. Die verslag moet insluit die konsultasie met belangstellendes en geaffekteerde partye.**

**Die volgende is nuttige vrae wat gestel kan word:**

- Versoek die aanvaardingskrywe indien dit nog nie gedoen of ontvang is nie.
- Die vermelding van die mineraal/minerale waarvoor aansoek gedoen word – is hierdie minerale beperk slegs tot die spesifikasie in die aanvaardingskrywe?
- Vra ŉ uiteensetting van die metodes wat gebruik gaan word.
- Wat is die tydperk wat beoog word om met die aktiwiteite te begin. Dit is ook raadsaam om ŉ projekplan aan te vra wat duidelik vermeld van die keerdatums waarop sekere aksies geneem moet word.
- Wat gaan die omgewingsimpakstudieverslag insluit en wanneer gaan dit beskikbaar wees? Hier kan reeds aanspraak gemaak word dat daar ŉ sorgvuldige geïntegreerde hidrologiese studie (waterstudie) onderneem word.
- Wat is die omvang van die aktiwiteite? Dit sluit in hoeveel bore gaan gebruik word, op watter punte gaan geboor word, hoe diep gaan die gate gemaak word asook ander aspekte soos wateronttrekking, toegangspaaie.
- Wat is die afstand tussen die projekarea en die gemeenskap?
- Die aantal voertuie wat toegang tot die eiendomme benodig.
- Die aantal mense betrokke en waar gaan akkommodasie verkry word.
- Toilet- en wasgeriewe asook watervoorsiening vir die hele projek.
- Is die projek volhoubaar?
- Word kumulatiewe impak in ag geneem?
- Word die “no-go” opsie ten volle ondersoek?
- Is daar voldoende ondersoek na die alternatiewe?
- Oor welke inligting beskik die myn met betrekking tot die grootte, persoonlike omstandighede en inkomste van die gemeenskappe?

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

- Wie sal negatief geaffekteer word deur potensiële omgewings- en sosiale faktore wat binne die projekgebied ŉ impak mag hê? Hoe sal stof beheer word? Welke impak sal swaar voertuie op verkeer en plaaslike paaie hê?
- Wie is die mense wat die mees kwesbare is van diegene wat geïmpakteer mag word en is spesiale stappe om dit te beperk nodig? Word persone met gestremdhede geakkommodeer? Word die behoeftes van ouer persone ingesluit in die gesprekke?
- Op welke stadium van die ontwikkeling van die projek sal partye die sterkste impak van die beoogde aktiwiteite ervaar (byvoorbeeld prospektering, onttrekking, staking van aktiwiteite en rehabilitasie tydens alle stadia)?
- Sal die projek uitgevoer word op ŉ wyse wat die besoedeling van waterhulpbronne verhoed?
- Hoeveel keer per dag beoog die maatskappy om plofstof te gebruik en wat sal die effek daarvan op die gemeenskap wees?
- Wat sal die geraasvlakke wees?
- Sal paaie, saai- en weidinggrond verminder?
- Sal sodanige impaktering ŉ negatiewe effek op infrastruktuur en dienste hê?
- Wat behels die onderskeie belange van die projekdeelnemers en welke invloed sal dit hê op die projek en die gemeenskap?
- Tot welke mate sal die plaaslike gemeenskap voordeel daaruit trek? (Hierdie inligting behoort vervat te wees in die maatskappy se Sosiale en Arbeidsplan (SLP) waartoe belanghebbende en geaffekteerde partye toegang behoort te hê.) Wanneer mag gemeenskappe toegang tot die plan hê? Wanneer mag gemeenskappe kommentaar op die plan lewer?
- Is die maatskappy van plan om mense na ander areas te verskuif?
- Sal daar enige oorweging geskenk word tot skade aan die bogrond, verlies van inkomste weens inbreuk op boerderypraktyke soos plant of oes, gebruik van water uit die waterbronne, impak op die eiendom se paaie, ens.
- 'n Afskrif van die omgewingsbestuursprogram of -plan en die omgewingsimpakbeoordelingsverslag
- 'n Afskrif van die prospekteer- of mynwerkprogram wat jou sal vertel wanneer, hoe en waar die mynbou sal plaasvind
- 'n Afskrif van die prospekteerreg- of mynregaansoek
- 'n Afskrif van die watergebruiklisensie-aansoek
- 'n Afskrif van die omgewingsmagtigingsaansoek
- Alle wetenskaplike verslae wat die mynmaatskappy mag hê wat wys wat die impak van mynbou sal wees
- Enige sosiale impakbeoordeling
- 'n Afskrif van die lys van belanghebbende en geaffekteerde partye
- 'n Afskrif van enige konsultasieverslae

Vrae en antwoorde tydens ŉ konsultasie vergadering moet gedokumenteer word en is deel van die omgewingsimpakstudie wat aan die minister voorgelê word vir goedkeuring. Daar moet aangedring word dat u in besit gestel word van die notule direk na die vergadering sodat u kan bevestig die notule is in orde en die aspekte wat bespreek word, word hanteer deur die konsultante voor inhandiging van die verslae vir goedkeuring.

As 'n maatskappy weier om hierdie inligting aan jou te gee, moet jy die betrokke staatsdepartement in kennis stel en die Streeksbestuurder van die DMR. Jy kan ook die inligting aanvra deur die Bevordering van Wet op Toegang tot Inligting.

Die konstitusionele hof het bevind wanneer 'n gemeenskap geraadpleeg word, moet die mynmaatskappy verseker dat die gemeenskap van die mynbou weet (net om 'n kennisgewing te plaas is nie genoeg nie) en daar moet te goeder trou met die grondeienaar of wettige okkupeerder in onderhandelinge tree. Dit beteken dat die mynbou maatskappy moet probeer om 'n ooreenkoms met jou te bereik oor hoe mynbou en die impak daarvan op jou gemeenskap bestuur sal word. Die mynmaatskappy kan nie die bekommernisse of eise van die gemeenskap ignoreer nie.

## 18. ADMINISTRATIEWE GEREGTIGHEID

### 18.1 Toegang tot inligting

Artikel 32 van die Grondwet verleen aan almal die reg op toegang tot inligting wat deur die staat gehou word en die reg tot toegang tot enige inligting wat deur ŉ ander persoon gehou word en wat nodig is vir die uitoefening van hul regte. Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000 (PAIA) gee effek aan hierdie reg deur aan die algemene publiek die instrumente te gee om ingelig te wees en aan besluitnemingsprosesse wat hul gemeenskappe affekteer, deel te neem. Gemeenskappe kan die PAJA aanwend om inligting van ŉ myn te versoek indien hul sodanige inligting benodig ter beskerming van hul regte, of hul kan dit gebruik om inligting van die regering aan te vra. Die proses om sodanige versoek om inligting te loods, staan bekend as ŉ PAJA-aansoek.

Die nodige inligting moet per skrywe aangevra word van die konsultante / aansoeker. Indien die konsultante / aansoeker nie die inligting beskikbaar stel nie, moet daar per skrywe die PAJA-handleiding van die maatskappy versoek word wat die regulasies vervat om ŉ PAJA-aansoek te loods.

### 18.2 Billike en regverdige administratiewe optrede

Die Grondwet gee aan elkeen die reg op regverdige administratiewe optrede. Dit beteken dat wanneer besluite deur die regering geneem word, moet daardie besluite regverdig en behoorlik geneem word. Een van die maniere om te probeer en verseker dat besluite billik is, is om almal met 'n belang by die besluit 'n redelike tyd en geleentheid te gee om hul sê te sê en hul bekommernisse oor die besluit te laat hoor en in ag te neem.

Beide die regering en mynmaatskappye moet konsulteer met gemeenskappe en individue wat geraak word deur enige besluit om mynbou toe te laat. Mense kan egter nie behoorlik geraadpleeg word sonder om genoeg inligting te hê oor die mynbou, hoe dit sal gebeur en wat die impak daarvan sal wees nie.

### 18.3 Inligting

Die Grondwet gee aan almal die reg om toegang te verkry tot enige inligting wat deur die regering en enige inligting wat deur maatskappye (insluitend mynmaatskappye) gehou word wat nodig is om menseregte te beskerm.

As 'n mynmaatskappy in of naby jou gemeenskap wil myn, is jy geregtig op inligting oor hoe die mynbou sal plaasvind en hoe dit jou en jou gemeenskap sal raak. Wanneer jy inligting het oor die mynaktiwiteit, is dit makliker om deel te neem aan die besluite wat oor die myn geneem word en om inligting in te samel vir besware teen die toestaan van 'n lisensie om te myn. Inligting oor hoe die mynmaatskappy veronderstel is om te myn, sal jou toelaat om die mynmaatskappy te monitor en om te weet wanneer daar oortredings van sy lisensievoorwaardes is en sodoende die wet oortree. Jy kan die inligting gebruik om bewustheid te verhoog in jou gemeenskap oor die risiko's wat julle almal in die gesig staar of die voordele wat julle behoort te eis.

Die streekbestuurder en minister wat die aansoek moet goedkeur is in baie gevalle nie Afrikaans magtig nie. Dit is egter dan raadsaam om u korrespondensie in 'n taal te plaas wat die streekbestuurder / minister in staat sal stel om die omvang van die aspekte in ag te neem.

* Hou afskrifte van elke dokument wat ontvang of gestuur is. 'n Administratiewe papierspoor is uiters belangrik aangesien dit van noodsaak sal wees om tydens die moontlikheid van 'n appèl te verwys na dokumentasie indien die konsultante / aansoeker die inligting in die verslae weerhou het.

* Hou alle administratiewe sake SKRIFTELIK by en maak seker dat die dokument wel die persoon bereik het. Indien daar 'n mondelingse gesprek plaasgevind het, bevestig altyd die tersaaklike inligting per skrywe om 'n administratiewe rekord daarvan te behou.

* Tydens enige dokumentasie moet die volgende bygevoeg word:

- Die eienaar gee nie toestemming tot betreding van die eiendom nie.
- Die skrywe word gerig sonder benadeling van regte.
- Die belanghebbende en geaffekteerde party behou die reg om enige inligting of kommentaar te rig na enige keerdatum sou daar addisionele inligting onder die aandag kom van die belanghebbende en geaffekteerde party.

**WAARSKUWING:** Let op na die volgende wat kan voorkom:

Kommentaar word gevra voor 'n sekere datum, maar die datum van versending dui aan dat die kennisgewing van die aksie laat uitgestuur is en tyd vir reaksie onredelik kort is. In die geval waar posdiens gebruik is, het dit al voorgekom dat die brief gepos is na die keerdatum van kommentaar.

### 18.4 Versoek om inligting van 'n mynmaatskappy

Die reg om toegang tot rekords wat deur privaat entiteite gehou word te verkry, is beperk tot die "noodsaak-om-te weet-basis" vir die beskerming van ander regte en sodanige regte moet in die aansoek vermeld word. Die gemeenskap mag gebruik maak van 'n PAJA-aansoek om inligting van mynmaatskappye te vra aangaande:

- Veranderinge wat die mynaktiwiteite op die omgewing het;
- Sosiale en arbeidspraktyke wat lede van die gemeenskap of werknemers affekteer; en
- Enige lêers met inligting aangaande individue, soos 'n mediese lêer.
- Versoek om inligting van Regeringsinstansies

## 19. REGULASIES BETREFFENDE OMGEWINGSIMPAK ASSESSERING

Alvorens ŉ mynmaatskappy ŉ aanvang neem met ontginning, moet die DMR ingelig word van die impak wat mynbou op die omgewing en geaffekteerde gemeenskappe sal hê. Die mynmaatskappy moet eerstens let op die aard van die omgewing alvorens ontginningsaktiwteite ŉ aanvang neem. Die mynmaatskappy moet ook let op hoe dit die omgewing kan beskerm en die impak van ontginning kan verminder. Dít geskied deur ŉ Omgewingsimpak Assessering (EIA). Omvangverslag en omgewingsimpakverslae word gewoonlik vir groter aktiwiteite gebruik met meer ernstige impakte. Die bestekopnameverslag moet behoorlik die aktiwiteit en alternatiewe beskryf. Dit is belangrik dat die omvangverslag moet beskryf wat die impak daarvan mag wees en hoe hierdie impakte in die omgewingsimpakverslag bestudeer sal word.

Mynmaatskappye moet 'n omvangverslag en 'n omgewingsimpak opstel ten einde verslag te doen as deel van die proses om 'n omgewingsbestuursprogram saam te stel.

Gemeenskappe wat direk deur ontginningsaktiwiteite geraak word, behoort die geleentheid te kry om deel te neem aan omgewingsimpakassesseringstudies tydens die beplanningsfase. EIA Regulasies word gepubliseer ingevolge die wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998 (NEMA). Openbare deelname is die belangrikste proses in die omgewingsimpak assessering. Die EIA Regulasies verskaf kommentaar op alle geskrewe voorleggings aan die besluitnemende gesag (owerheid). In die konteks van mynbou, behels die vereiste dat die mynmaatskappy ŉ Omgewingsassesseringspraktisyn (EAP) moet aanstel wat met die grondeienaar en ander I&APs moet konsulteer. Die omvang van dié proses is ontwikkel in verskeie hofbeslissings, regulasies en riglyne.

• Openbare deelname moet geskied nadat ŉ aansoek vir “scoping” (verkenning) of ŉ omgewingsimpakstudie voltooi is. Die vereistes mag verskil afhangend van die tipe aansoekprosedure.

• Afhangend van die tipe aansoekprosedure, moet die mynmaatskappy aan alle potensiële I&APs kennis gee van die aansoek.

• I&APs moet geleentheid gebied word om voorleggings te maak oor die voorgestelde aansoeke en alle geskrewe voorleggings moet deur die relevante staatsdepartement oorweeg word.

• I&APs moet van die Departement se besluit verwittig word sowel as van die redes vir die besluit en hul moet ingelig word van die feit dat ŉ appèl teen die besluit aangeteken mag word.

## 20. ANDER AANSOEKE EN PLANNE

Bykomend tot permitte en regte wat deur die Departement van Minerale Hulpbronne toegestaan word, mag dit vir die ontginningsmaatskappy ook nodig wees om lisensies en permitte van ander departemente in ooreenstemming met ander wetgewing te bekom. Van die ontginningsmaatskappy mag ook verwag word om planne voor te lê wat aandui hoe hul tot die gemeenskap sal bydra. Dokumente waarvan u behoort kennis te neem sluit in:

- Sosiale en Arbeidsplanne (SLP). SLP's verskaf detail oor die ontginningsmaatskappy se beplanning om tot die omliggende gemeenskappe ingevolge die MPRDA by te dra;
- Benuttingsregte vir ontwikkeling en afbakening van grond binne ŉ munisipale gebied ingevolge spesifieke sonerings- en dorpsbeplanningskemas (provinsiale wetgewing). Dit sluit in aansoeke vir sonering, afwykings en vergunnings ingevolge waarvan die ontginningsmaatskappy toestemming ontvang om die grond vir die vergunde doel te gebruik;
- Omgewingsimpakstudies (EIA) word vereis ingevolge die bepalings van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998 (NEMA) vir bepaalde aktiwiteite in die Wet gelys. EIA's word gebruik om die moontlike omgewingsimpak van voorgenome projekte te bepaal met inagneming van verwante sosio-ekonomiese, kulturele en menslike gesondheidsimpaktering.
- Omgewingsvergunnings. Sommige projekte, afhangend van die omvang daarvan, vereis omgewingsvergunnings ingevolge NEMA.
- Omgewingsassesserings ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999 (NARA). Indien die projek ŉ impak op ŉ kultuur en erfenisterrein het ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999 (NHRA artikel 38) word ŉ impakstudie vereis.
- Lisensie van watergebruik (WUL) of magtiging. Ingevolge die Nasionale Waterwet, Wet 36 van 1998 (NWA, artikels 39-40) moet elke myn oor ŉ watergebruikslisensies van die Departement van Watersake en Sanitasie beskik ten einde die negatiewe impak op waterbronne te reguleer en te minimaliseer.
- Vergunning om landbougrond te onderverdeel ingevolge die Wet op Onderverdeling van landbougrond, 70 van 1970 (SALA).

ŉ Gemeenskap het die reg om ŉ ontginningsmaatskappy te versoek om toegang tot enige van bovermelde dokumente te hê.

## 21. SPESIALIS VERSLAE

Bykomend tot 'n aansoekvorm word mynmaatskappye gewoonlik vereis om die regering te voorsien van afskrifte van die wetenskaplike verslae waarop hulle staatgemaak het. Die omgewingskonsultante moet die spesialiste aanwys wat die verslae moet onderneem. Hierdie partye word vergoed deur die aansoeker. Ten spyte van die feit dat die aansoeker in werklikheid die konsultante en spesialiste vergoed, is hierdie partye veronderstel om onafhanklik en objektief alle inligting te verskaf en impakte te bepaal of dit in die voordeel van die aansoeker is al dan nie. Daar moet te alle tye bepaal word of daar enige van die partye is wat ŉ verbintenis het met die aansoeker ten einde die onpartydigheid te bevestig.

Die verslae sluit gewoonlik in maar is nie beperk tot:

- Klimaatspesialisverslag
- Geologiese spesialisverslag
- Geohidrologiese spesialisverslag
- Hidrologiese spesialisverslag
- Water Gebruik Komiteeverslag
- Grond Spesialisverslag

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

- Landbou Potensiaal Spesialisverslag
- Plantkundige spesialisverslag
- Dierkundige spesialisverslag (waar nodig elk van die hoof groeperinge : soogdier/voël/reptiel/amfibie/insekte)
- Ekologiese spesialisverslag
- Biodiversiteit spesialisverslag
- Visuele intrusie spesialisverslag
- Ingenieurs padvervoer impak spesialisverslag
- Ingenieuspadontwerpspesialisverslag
- Sosiale spesialisverslag
- Sosio-ekonomiese spesialisverslag
- Akwatiese spesialisverslag
- Vleiland spesialisverslag
- Besoedeling en lugkwaliteit spesialisverslag
- Argeologiese- en paleontologiese spesialisverslae
- Veiligheid spesialisverslag
- Grondgebruik spesialisverslag
- Nie-regerings owerheidsinstellings verslae/insette (Dendrologie/Jagluiperd werkgroep / Wildehond werkgroep / luiperd werkgroep / Phasa / SA Jagters, ens.)
- Insette van besighede wat landbou ondersteun (Koöperasies / veilings / chemiese middels / kunsmis / saad / werktuie, ens)

Uit bogenoemde lys moet u as belanghebbende en geaffekteerde persoon die grootste impakte identifiseer en reeds met die eerste vergadering, aanspraak maak op die spesialisverslag ten opsigte van die mate van impak op die omgewing en gemeenskap.

Belanghebbende en geaffekteerde partye is geregtig om hierdie verslae te sien en om vrae of bekommernisse oor die inligting te opper wat daarin vervat is of die manier waarop dit versamel is.

## 22. ALTERNATIEWE

Een van die belangrikste aspekte is die oorweging van alternatiewe vir alle opsies wat oorweeg word. Hierdie alternatiewe kan in 6 kategorieë verdeel word en kan die volgende insluit:

- Eiendom of ligging.

Die ligging van mynaktiwiteite het 'n baie wye omvang. Die ligging van sleutel-myninfrastruktuur moet gekies word om openbare veiligheid te beskerm en impak op sensitiewe reseptore en hulpbronne te minimaliseer. 'n Voorbeeld sou wees deur die gebruik van buffersones, waarin die terrein van myn-infrastruktuur verder weg geleë is, al kan dit bedryfskoste verhoog.

- Die tipe aktiwiteit.

Hierdie word beperk deur ligging, diepte, graad en fisieke omgewing. Mynboumetodes bestaan hoofsaaklik uit oopgroef-, oopgroefstrookmynbou, ondergrondse boord- en pilaar,

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

ondergrondse langwandmynbou, herontginning van oppervlakuitskotafsettings, seebedontginning en onkonvensionele metodes dit wil sê steenkool sema-vergassing, steenkoolnaat-metaanontginning.

- Ontwerp en/of uitleg.

Hierdie sluit in die mynskedule en die ooreenstemmende ligging van mynversteurings om die mynskedule te implementeer. Die ontwerp moet operasionele en sluitingsverwante impak oorweeg en dienooreenkomstig aanpas om dit te versag. Voorbeelde sluit in die ligging van 'n oopgroef-kassnee te verander om langtermyn-invloede op grondwater, ligging van byvoegings, ventilasieskagte en noodbunkers te verminder.

- Tegnologie gebruik.

Veredelingsmetodes - fisiese skeidingsmetodes versus magnetiese versus chemiese veredeling. Besoedelingsbeheermetodes, dit sal meganismes insluit om geaffekteerde waterproduksie te verminder, soos afsnydreinering en watergeaffekteerde waterbestuursopsies soos ligging en besoedelingsbeheerdamme en behandelingsmetodes vir geaffekteerde water. Mynafvalbestuur soos afvalstorthope en uitskotdamme kan op alternatiewe maniere geplaas en bestuur word om impak te verminder. Voorbeelde sluit in fasilitering in-put uitskot wegdoening en negeer die konstruksie van groot uitskot dam, of die gebruik van tegnologieë om waterherwinning te verhoog en die fasiliteite se totale voetspoor te verminder.

- Operasionele aspekte.

Dit is afhanklik van die tipe werking, maar kan die volgende insluit: Bedryfsure en die aanwys van vasgestelde tye vir spesifieke aktiwiteite soos skietwerk. Tye waartydens geraas sal plaasvind - vir die aangrensende landbou-eiendomme sal dit geskik wees binne werksure sodat die onnodige raas besoedeling nie die lewens van die inwoners versteur nie. Opstel van spesifieke verkeersbeheermeganismes vir mynvoertuie en sleeproetes. Stofbeheermetodes soos die gebruik van chemiese stofdemper op mynvervoerpaaie.

- Die *"no-go"* opsie.

Hierdie siening moet gebalanseer word met voordele wat verkry word uit alternatiewe grondgebruike soos landbou en ekotoerisme. Die "no-go"- opsie moet ook die voordele oorweeg om nie te myn nie, aangesien dit verband hou met waterbronne en die instandhouding van natuurlike habitatte. In verslae word hierdie aspek nie voldoende ondersoek nie en moet die belanghebbende en geaffekteerde partye aandring op die volledige ondersoek om nie te myn nie.

## 23. SOSIALE EN ARBEIDSPLAN

Mynbou skep verskillende soorte werksgeleenthede. Sommige vereis min vaardighede en sommige vereis hoogs geskoolde werkers.

Mynmaatskappye het ook verskillende maniere om mense in diens te neem. Soms gebruik hulle arbeidsmakelaars. Soms sal die Departement van Arbeid 'n maatskappy bystaan om werkers met die regte soort vaardighede te vind.

Die feit dat 'n myn in of naby 'n gemeenskap is, beteken nie dat die lede van daardie gemeenskap werksgeleenthede op die myn gewaarborg is nie. Die mynmaatskappy is egter verplig om by te dra tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die gebied of meer algemeen, die provinsie waarin hulle bedrywig is. Deelname deur die geaffekteerde gemeenskap is noodsaaklik in die bepaling van die bydrae wat die mynmaatskappy moet maak.

Voordat 'n mynmaatskappy kan begin myn, moet hy 'n maatskaplike en arbeidsplan opstel. Die sosiale en arbeidsplan bepaal watter poste by die myn beskikbaar sal wees en watter stappe die mynmaatskappy sal neem om die vaardighede van mynwerkers te ontwikkel.

Die maatskaplike en arbeidsplan sluit ook die infrastruktuurontwikkeling en armoede-uitwissingsprojek in wat die myn sal ondersteun in ooreenstemming met die plaaslike geïntegreerde ontwikkelingsplan en dit kan insluit werkskeppingsprojekte. Gemeenskappe kan die konsultasieproses gebruik om druk op die mynbou maatskappy uit te oefen oor watter soort werk en maatskaplike projekte dit graag wil hê en hoe die gemeenskap voordeel moet trek uit mynbou.

Mynmaatskappye raadpleeg dikwels nie geaffekteerde gemeenskappe behoorlik in die opsig nie.

**WAARSKUWING :** Nabygeleë nedersettings kan die ontwikkeling van mynbou in die omgewing sien as ꞌn belofte van werkskepping. Daar moet dus te alle tye in gedagte gehou word dat optogte en intimidasie tegnieke toegepas kan word wat ꞌn nadelige invloed op die normale werking van ꞌn gemeenskap kan hê. Spreek die moontlikheid reeds aan in die konsultasie proses sodat die aansoeker / houer van die reg vroegtydig maatreëls kan instel om die impak aan te spreek.

**24. OMGEWINGSIMPAK VAN MYNBOU OP WATER**

Mynbou en prospektering behels dikwels die gebruik van water en kan 'n impak op die gemeenskap hê ten opsigte van watervoorsiening en op riviere, vleilande, strome en grondwater. Aktiwiteite wat water vir mynbou gebruik, sluit in spuit vir stof, pomp van water van een plek na 'n ander, berging van vuil of skoon water en ander. Al hierdie aktiwiteite vereis 'n watergebruikslisensie van die Departement van Waterwese (DWA).

ʼn Mynmaatskappy word nie toegelaat om water te begin gebruik totdat hy ʼn watergebruikslisensie het nie. Dit beteken ꞌn mynmaatskappy kan nie begin myn totdat hy 'n watergebruikslisensie het nie. As 'n mynmaatskappy water gebruik sonder 'n lisensie (wanneer dit vereis word om een te hê) is dit 'n kriminele oortreding, en kan die mynmaatskappy aangemeld word by die DMR en die DWA wat verplig is om in te gryp. U kan ook die mynmaatskappy aan die polisie aanmeld.

Mynbou-aktiwiteite benut gewoonlik groot volumes water en besoedel dikwels waterbronne in gebiede naby areas van ontginning. Besoedelde water vertoon gewoonlik ꞌn geel-rooi kleur as gevolg van ysteroksied en word dikwels beskryf as “yellow-boy” of "Suurwater Afvloei van Myne".

Waterbesoedeling vertoon die volgende tekens:

• Water verander van kleur en het 'n slegte reuk.

• Velirritasie mag voorkom by mense.

In geval van enige van hierdie tekens kan u die volgende stappe neem:

• Versamel monsters van die besoedelde water.

• Kontak DMR, DWA, die plaaslike raadslid bemoei met wateraangeleenthede en DEA ten einde hul bewus te maak van die probleem.

• Versoek die bogenoemde staatsorgane om die water te toets en u van 'n verslag te voorsien.

• Versoek DWA om u van alternatiewe water te voorsien totdat die water van die bron / kraan veilig vir menslike gebruik is.

Nota: Indien die plaaslike owerhede nie in staat is om hulp te verleen nie, kan u die betrokke Nasionale Departement kontak.

'n Watergebruikslisensie mag nie aan 'n myn uitgereik word indien die gemeenskap nie:

• geleentheid gegun is om op die aansoek kommentaar te lewer nie;

• al die nodige dokumentasie ontvang het om kommentaar op die aansoek te lewer nie;

• voldoende tyd gegun is om op die aansoek kommentaar te lewer nie.

Die Watertribunaal in Pretoria kan genader word ten einde te appelleer teen die toekenning van die waterlisensie. Die proses kan dikwels ingewikkeld wees sodat dit nodig mag wees om regsadvies te bekom.

Toegang tot water

Die regering staan onder verpligting om te verseker dat alle Suid-Afrikaners toegang tot voldoende water het.

Regtens bepaal Artikel 27 van die Grondwet:

Die "Reserwe" in die nasionale Waterwet, Wet 36 van 1998 (NWA) is die hoeveelheid en kwaliteit water wat benodig word om te voorsien in die basiese behoeftes van mense en diere sowel as die water wat benodig word ter beskerming van water-ekosisteme.

Die minimumstandaard van watervoorsiening is:

• toepaslike opvoeding met betrekking tot waterverbruik;

• 'n minimum van 25 liter water per persoon per dag of 6 kiloliter per huishouding per maand;

• 'n minimum vloeivolume van nie minder as 10 liter per minuut;

• Water moet toeganklik wees binne 200 meter per huishouding; en

• Geen verbruiker behoort sonder water te wees vir meer as 7 volle dae van enige jaar nie.

TLU SA

Indien persone nie toegang tot water het nie of die water nie aan die minimumstandaarde hierbo genoem voldoen nie, moet die betrokke Wyksraadslid vir hulp genader word. Indien kraanwater nie voorsien kan word nie, behoort die plaaslike regering water te voorsien.

Indien die Wyksraadslid nie die nodige hulp bied nie, kontak die Nasionale Departement.

**DIE PROSES:**

**24.1 Watergebruik lisensie-aansoeke**

Mynmaatskappye moet aansoek doen om 'n watergebruikslisensie (genoem 'n geïntegreerde watergebruiklisensie) indien. Die lisensie-aansoek of 'n IWULA moet gerig word aan die DWA. Die mynmaatskappy sal gewoonlik sy aansoek indien by die streekkantoor van die DWA of na die Opvanggebiedbestuursagentskap (waar hulle bestaan).

**24.2 Raadpleging**

Mynmaatskappye volg gewoonlik nie 'n aparte konsultasieproses wanneer hulle vir 'n watergebruikslisensie aansoek doen nie. Daar word egter van hulle verwag om te konsulteer in terme van die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid wetgewing (PAJA) en kan ook deur die DWA vereis word om te raadpleeg met die gemeenskap.

Die manier waarop die mynmaatskappy water gebruik of besoedel, kan 'n groot impak op die gemeenskap se toegang tot water hê vir drinkwater of besproeiing en kan 'n impak op die gesondheid van die gemeenskap hê. Daar moet vereis word dat die mynmaatskappy met die gemeenskap konsulteer oor die beplande watergebruik.

**Die volgende vrae is van belang.**

- Wat is al die risiko's?
- Vra die mynmaatskappy hoe hulle die gemeenskap se watertoevoer sal beskerm en wat hulle sal doen as daar besoedelingstortings of ander probleme is op die myn.
- Jy kan die mynmaatskappy vra oor die risiko van suur myndreinering en wat sal gebeur met vuil water.
- Hoe die myn water gaan gebruik?
- Watter impak die myn sal hê en hoe naby dit aan nabygeleë riviere, strome, vleilande, mere en ander waterbronne?
- Hoe die myn die vuil mynwater weg van skoon waterbronne sal hou?
- Of die myn sy vuil water sal behandel?
- Wat die myn sal doen oor reënwater wat afloop?
- Of daar genoeg water sal wees vir die behoeftes van mense, diere, gewasse en die omgewing?
- Wie anders gebruik water in dieselfde area en wat die impak op hulle sal wees?

**24.3 Watergebruikslisensie uitreiking**

Sodra die DWA 'n besluit geneem het om die watergebruiklisensie-aansoek toe te staan of te weier (of om meer inligting te vra), moet die mynmaatskappy en enigiemand anders wat beswaar gemaak het teen die aansoek dienooreenkomstig ingelig word. Jy is geregtig op 'n

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

afskrif van die watergebruikslisensie en jy moet die mynbou maatskappy vra om jou te laat weet wanneer 'n besluit geneem is oor die watergebruiklisensie-aansoek.

### 25. OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM EN OMGEWINGSBESTUURSPLAN

As die mynmaatskappy om 'n prospekteerreg aansoek doen, moet dit 'n omgewingsbestuursplan voorberei. Indien die mynmaatskappy om 'n mynreg aansoek doen, moet dit 'n omgewingsbestuursprogram insluit.

Omgewingsbestuursplan beteken 'n plan om die omgewingsimpak te bestuur en te rehabiliteer as gevolg van prospektering. Omgewingsbestuursprogram beteken 'n goedgekeurde omgewings bestuursprogram wat in artikel 39 van die wetgewing beoog word.

Die doel van die omgewingsbestuursprogram is om besluite te formuleer wat ŉ impak mag hê op die omgewing.

- Identifiseer, voorspel en evalueer die werklike en potensiële impak op die omgewing, sosio-ekonomiese toestande en kulturele erfenis, die risiko's en gevolge en alternatiewe en opsies ter versagting van aktiwiteite, met die oog op die vermindering van negatiewe impakte.
- Verseker dat die uitwerking van aktiwiteite op die omgewing voldoende oorweging ontvang voordat aksies in verband daarmee geneem word,
- Gee voldoende en gepaste geleentheid vir publieke deelname aan besluite wat die omgewing kan raak.
- Die belangrikste aspekte wat in bogenoemde planne vervat word:
- Alle mynbouaktiwiteite moet voldoen aan die volhoubare ontwikkeling van sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore.
- Die houer van ŉ toestemming moet oorweging skenk aan, ondersoek doen na en die impak van die aktiwiteite kommunikeer.
- Volledige omgewingsimpakstudie moet voltooi word volgens die vereistes van toepassing op die verskeie aansoeke.
- Die houer is verantwoordelik vir die rehabilitasie van die omgewing.
- Die houer is verantwoordelik vir enige omgewingskade, besoedeling of ekologiese aantasting wat voortspruit uit die aktiwiteite wat onderneem word.
- Enige persoon wat aansoek doen vir ŉ mynreg moet in terme van artikel 22 van die wetgewing ŉ omgewingsimpakstudie doen en ŉ omgewingsbestuursprogram inhandig binne 180 dae nadat die streekbestuurder die opdrag gegee het.
- Enige persoon wat aansoek doen vir ŉ "reconnaissance"-toestemming, prospekteerreg of mynpermit, moet ŉ omgewingsbestuursplan indien.

**Verpligtinge van die plan:**

- Inligting oor die voorgestelde bestuur, versagting, beskerming of regstellende maatreëls wat onderneem sal word. (Maak seker van die vlak van impak en die versagting wat voorgestel word. Meet dit aan die werklike impak wat die grondeienaar sal raak en lewer kommentaar as daar nie met die impak of versagting saamgestem word nie. Onthou – die konsultante sal die oplossing probeer daarstel om die impak te

versag tot ŉ stadium wat aanvaarbaar sal wees vir die minister ten einde die aansoek goed te keur.)

- Beplanning en ontwerp
- Pre-konstruksie en konstruksie-aktiwiteite. (in die opsig moet daar aandag gegee word wat is die aktiwiteite wat tydens hierdie proses onderneem word en die impak op die huidige werksaamhede veral op landbou. Wanneer daar byvoorbeeld baie geraas gaan wees, sal die impak hoog wees op toerisme waar jag plaasvind)
- Die bedryf of onderneming van die aktiwiteit
- Die rehabilitasie van die omgewing
- Sluiting van die projek
- Besonderhede van die persoon wat die omgewingsbestuursprogram voorberei het.
- Die kundigheid van daardie persoon om ŉ omgewingsbestuursprogram voor te berei. (Kyk noukeurig na die vaardigheid en kundigheid van die persoon. Hierdie persoon mag nie enige verband hê met die aansoeker nie en moet onafhanklik wees. Daar moet ŉ onafhanklikheidsverklaring aangeheg wees.)
- Tydsperiodes uiteensit waarbinne maatreëls geimplimenteer moet word.

**26. KONSULTANTE**

In 2023 is die voorlopige regulasies gepromulgeer vir die aanstelling van die omgewingsassesseringspraktisynsvereniging van Suid-Afrika as die enkele registrasie-owerheid ingevolge die NEMA-wet. Hierdie bepaling was vir 5 jaar vanaf 8 Februarie 2018 tot 7 Februarie 2023, waarna die instelling verleng is na 7 Februarie 2024. Die Departement is steeds besig om opsies te oorweeg vir die langtermynregulering van omgewingsevalueringspraktisyns en om te bepaal of wetshervorming, wat 'n lang proses is, vereis sal word. Die bedoeling is om die tydperk van aanstelling van EAPASA tot 7 Februarie 2026te verleng. In enige aansoek moet daar nagegaan word dat die omgewingsevalueringspraktisyn wel by ŉ erkende instansie geregistreer is. Vra die registrasie dokument aan en kontroleer die vervaldatum.

Die korrespondensie en handeling met konsultante kan ŉ uitdagende proses raak en moet daar na die volgende gelet word vir ŉ riglyn in die verband:

- Geen grondeienaar of belanghebbende party moet onder die indruk geplaas word dat hulle verplig is om enige dokument te teken wat deur die konsultante oorhandig word nie. Wanneer vergaderings bygewoon word, kan die register geteken word ten einde teenwoordigheid aan te dui.
- TLU SA en sy affiliasies reël nie die vergaderings nie.
- TLU SA kan in oorleg met sy lede, besluit om kontakinligting aan konsultante te voorsien. Die beskerming van die POPI wetgewing moet in ag geneem word.
- Die plaasbesoekprotokol moet so spoedig moontlik aan die konsultante oorhandig word sodat hulle ingelig is rondom persoonlike besoeke aan privaat eiendom van lede.
- Die betrokke streek, DLU/boere unie en boereverenigings moet ook uitgenooi word en moet registreer as belangegroep en ELKE grondeienaar wat geraak word.

- Die konsultante moet die vergaderings reël. Indien enige eiendom van TLU SA of sy affiliasies gebruik word, moet daar dienooreenkomstig ŉ faktuur vir betaling uitgereik word met vooraf betaling.
- TLU SA moet met sy lede opvolg en seker maak dat hulle ingelig is. Skep ŉ whatsapp-groep waarop alle tersaaklike inligting gedeel word. Die konsultant is nie deel van hierdie groep nie, slegs grondeienaars/lede.
- TLU SA se lede praat / onderhandel NOOIT alleen met enige konsultant of verteenwoordiger van die aansoeker nie.
- Konsultante sal aan spesifieke organisasies behoort. Daar moet na die gedragskode van die spesifieke instansies gekyk word ten einde te kan optree indien die konsultante enige aspekte van die kode oortree.

**27. RESIDU-VOORRAAD EN RESIDU-DEPOSITO'S**

Residu-voorraad en residu-neerslae moet in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur : Afval, 59 van 2008, gedeponeer en bestuur word op enige terrein wat vir daardie doel in die betrokke omgewingsbestuursplan of omgewingsbestuursprogram afgebaken is.

U moet uself daarvan vergewis dat u munisipaliteit oor ŉ gelisensieerde afvalterrein beskik waar afval gestort kan word. Mynbou verwante afval kan nie by enige afvalterrein gestort word nie en moet daar in kommunikasie met die munisipaliteit bevestig word dat aansoek deur die myn gedoen is vir die storting van afval by die munisipale afvalterrein. Bewys van die aansoek moet in die verslae ingesluit wees.

Die gevaar bestaan dat die bestaande afvalterrein oorbenut word deur die myn en kan dit ŉ negatiewe effek hê op die dienslewering van die munisipaliteit. Waar daar dan ŉ tekortkoming is vir beskikbaarheid van voldoende ruimte op die afvalterrein, is die wesenlike moontlikheid van besoedeling.

**28. VERGOEDING**

As deel van konsultasie met die grondeienaar of wettige okkupeerder, kan die mynmaatskappy tot 'n ooreenkoms kom om te betaal vir die verlies aan gebruik van die grond of die skade wat mynbou aan die grond kan aanrig. Op kommunale grond moet vergoeding nie net aan die gemeenskap by groot of aan sy leiers betaal word nie, aangesien individuele houers van informele regte ook op vergoeding geregtig is. Dit is belangrik dat 'n gemeenskap of individu wat instem om vergoeding betaal te word, presies verstaan hoeveel, wanneer, hoe en vir hoe lank daardie vergoeding betaal sal word.

Gemeenskappe wat naby mynbou woon, maar wat nie die grond besit nie en nie op die eiendom werk of woon waar mynbou plaasvind, is dalk nie deel van die ooreenkoms nie en sal gewoonlik nie vergoed word nie.

As die mynmaatskappy egter gemeenskapslede benadeel deur byvoorbeeld huise of geboue te kraak met plofstof, beeste vrek weens die drink van giftige water, landerye / groentetuine word onproduktief, mense word siek of die gemeenskap se watervoorraad word besoedel, moet die mynmaatskappy die gemeenskap wat die skade gely het, vergoed. Om vergoeding

hiervoor te ontvang vir die tipe skade, moet 'n eis by die mynmaatskappy ingedien word en bystand van 'n prokureur is waarskynlik nodig. Dit is ook algemeen dat mynmaatskappye hierdie eise vir skadevergoeding teenstaan en dit kan dalk nodig wees vir 'n prokureur om die persoon wat die skade gely het by te staan om hofprosesse te gebruik om hierdie tipe eise te hanteer. Mynmaatskappye beweer dikwels in hul maatskaplike en arbeidsplan hoe hulle gemeenskappe sal vergoed.

## 29. HERVESTIGING

"Hervestiging" geskied wanneer ŉ myn persone van die plek waar hul woon verskuif na ŉ ander area. Persone moet toestem tot sodanige verskuiwing en mag nie verplig word daartoe nie. Indien persone weg van die myn verskuif word, behoort dit te wees na ŉ area wat veiliger is.

### 29.1 Wat behoort die myn te doen indien hulle persone wil verskuif?

Indien ŉ mynmaatskappy hul inlig van hul voorneme om persone na ŉ ander gebied te verskuif, is die myn verplig om:

• Te konsulteer met die persone, aan hul keuses en opsies te gee wat prakties en ekonomies van pas is.

• Seker te maak die persone is ingelig oor jou opsies en regte met betrekking tot die hervestiging.

• Die persone te vergoed vir enige verliese van hul eiendom.

• Hulp te verleen met die hervestiging (byvoorbeeld vragmotors te verskaf om die betrokke persone se besittings te vervoer).

• Die betrokke persone te voorsien van bewoonbare behuising en/of landbougrond.

• Ondersteuning na hervestiging te bied ten einde persone se lewenstog te verseker en lewensstandaarde te handhaaf.

• Hulp met ontwikkeling in die gemeenskap te verleen na hervestiging.

• Voorbereiding van grond, kredietfasiliteite, opleiding en werksgeleenthede aan te bied.

### 29.2 Belangrike vrae om te stel

ŉ Mynmaatskappy mag nie persone dwing om te verskuif indien hul nie wil nie of indien die persone vermoed dat die mynmaatskappy nie die vereiste stappe geneem het wat vir hervestiging nodig is nie. Om te verseker dat persone oor al die inligting wat nodig is om ŉ ingeligte besluit te neem, kan die volgende vrae aan die mynmaatskappy gestel word:

• Waarheen sal die vee van die persone heen verskuif word? Sal dit nabygeleë aan hul huisvesting wees? Indien nie, hoe vêr sal dit van weiding wees?

• Sal daar toegang tot water wees? Waar sal dit wees? Sal munisipale water of water uit boorgate voorsien word?

• Hoeveel grond sal vir boerderydoeleindes en vir aanplantings beskikbaar wees?

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

• Sal grondeienaars vergoed word vir die grond en verlies aan ekonomiese aktiwiteite? Sal vergoeding kontant geskied en sal verliese vervang word?

• Wat behels die koste van hervestiging?

• Welke stappe sal die maatskappy neem om erfenisse, begraafplase en kultuurterreine te beskerm en te respekteer?

• Sal die mynmaatskappy kerke, skole en ander strukture wat in die gemeenskap bestaan het, heroprig?

• Sal die verskuiwing nader of verder van skoolgeriewe, hospitale, winkels en vervoerroetes wees?

• Watter voorsiening word in die verskuiwings- en hervestigingsplan gemaak om groeiende gesinne te akkommodeer? Sal die mynmaatskappy meer huise oprig? Sal voldoende grond vir kinders en agterkleinkinders beskikbaar wees?

• Sal die maatskappy voorsiening maak vir die vervoer van persone en hul besittings na die nuwe terrein?

• Word voorsiening gemaak vir titelaktes aan persone of sal daar 'n kommunale eiendomsentiteit bestaan? Is voorsiening gemaak vir stappe om voorsiening te maak vir vererwing van grond of eiendom?

• Is daar enige heffings, belastings of koste vir dienste wat die persone van bewus moet wees?

• Sal daar enige meganismes wees vir beslegting van griewe vir swak vakmanskap of waarborge op nuwe geboue?

**30. FINANSIËLE VOORSIENING**

Finansiële voorsiening vir die projek is van uiterste belang aangesien dit 'n groot risiko inhou vir die grondeienaar indien die reg toegestaan word, aksies word geneem maar nie voltooi nie en daar is nie voldoende voorsiening gemaak vir vergoeding van skade of rehabilitasie nie. Daar moet dus in die verslae van die aansoeker duidelik bewys word dat voldoende finansiering beskikbaar is.

- Die finansiële voorsiening moet die beskikbaarheid van voldoende fondse waarborg vir progressiewe rehabilitasie en remediëring, in die vorm van rehabilitasie, remediëring, ontmanteling en sluitingsaktiwiteite.
- 'n Aansoeker of houer moet die finansiële voorsiening bepaal deur 'n gedetailleerde uiteensetting van alle aktiwiteite en koste, gebaseer op werklike markkoerse vir die implementering van die aktiwiteite.
- Die bepaling van die finansiële voorsiening moet deur 'n onafhanklike spesialis onderneem word.
- Die finansiële voorsieningsaanspreeklikheid mag nie teen bates by mynsluiting of myninfrastruktuurherwinningswaarde ingestel word nie.

- Die aansoeker en houer moet die finansiële vasstelling, hersiening en aanpassing van finansiële voorsiening sowel as enige oudit van sodanige finansiële voorsiening beskikbaar stel op 'n publiek toeganklike webwerf van die houer, beskikbaar by die terreinkantoor van die operasie en toeganklik vir die publiek op aanvraag.

Wanneer verslae voorgehou word, moet u seker maak dat die waardes korrek en voldoende is. Lewer kommentaar met markverwante inligting indien daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie.

**31. REHABILITASIE**

Rehabilitasie is in SA ′n groot probleem aangesien daar ten spyte van verskeie wetsverpligtinge, geen of minimum rehabilitasie onderneem word.

Elke aansoeker en houer het 'n verpligting om prosedures en vereistes te beplan, bestuur en implementeer ten opsigte van progressiewe rehabilitasie-, sluitings- en na-sluitingsaktiwiteite wat verband hou met 'n verkennings-, prospekteer-, eksplorasie-, myn- en produksiebedrywighede soos geïdentifiseer in die jaarlikse rehabilitasieplan, die finale uitdiensstelling en mynsluitingsplan en die omgewingsrisikobeoordelingsverslag vir die bepaling van oorblywende en latente aanspreeklikhede vir verkenning, prospektering, eksplorasie, mynbou en produksiebedrywighede.

**32. SONERING VAN EIENDOM**

Ontginning kan slegs plaasvind op grond wat vir mynbou gesoneer is. Elke provinsie het verskillende stadsbeplanning en soneringswette en dit val buite die bestek van hierdie gids. Stadsbeplanning en sonering is gewoonlik deur die provinsiale en munisipale regering beheer word.

**STAP 4**

**33. GOEDKEURING VAN DIE AANSOEK**

Indien die DMR besluit om die mynmaatskappy toe te laat om te myn of te prospekteer, sal die omgewingsbestuursprogram of -plan en óf die Minister óf die Direkteur-Generaal sal die mynreg of prospekteerreg toestaan. Die mynmaatskappy moet BEIDE 'n goedgekeurde omgewingsbestuursprogram en 'n mynreg, of 'n goedgekeurde omgewingbestuursplan en 'n prospektering reg hê voordat hulle met hul bedrywighede kan begin. Mynmaatskappye word nie verplig om jou in te lig wanneer die besluit om die reg toe te staan of die omgewingmagtiging toegestaan is nie. Jy moet die mynmaatskappy en die DMR per skrywe versoek om jou te laat weet wanneer 'n besluit geneem word en wat daardie besluit is.

Sodra 'n besluit geneem is, moet die EAP almal wat aan die konsultasie deelgeneem het, in kennis stel wat die besluit was en of die mynmaatskappy oor die omgewingsmagtiging beskik. Die EAP moet belanghebbende en geaffekteerde persone in kennis stel hoe om 'n appèl in te dien en die datum waarteen 'n appèl ingedien moet word.

'n Grondeienaar of huurders (en ander bewoners) het 'n geleentheid om na die reg toegestaan is geraadpleeg te word voordat die mynbou begin. Hierdie konsultasie sal handel oor hoe die

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

myn toegang sal kry tot die grond kry en hoe die grondeienaar of okkupeerder vergoed sal word.

**STAP 5**

### 34. APPÈL EN HERSIENING INDIEN 'N REG OF PERMIT TOEGEKEN WORD

Indien die gemeenskap of enige belanghebbende en geaffekteerde party nie tevrede is met die regering se besluit om toestemming tot ontginning te verleen nie, is die eerste stap om die besluit om toekenning van die permit of reg aan te veg deur te appelleer na die Minister of die Direkteur-Generaal van die Departement van Omgewingsake. Indien dit onsuksesvol is, is die volgende stap om die besluit op hersiening deur die hof te neem. Hierna volg die stappe vir appèl en hersiening in geval van die toekenning van prospekteerregte, ontginningsregte en ontginningspermitte.

#### 34.1 Appèl

Die MPRDA verleen enige persoon wie se regte of regmatige verwagtinge materieel en negatief geaffekteer is of wie gegrief is deur ŉ besluit geneem deur die Minister - soos die besluit om ŉ reg of permit toe te staan - die reg om teen die besluit te appelleer. Dit beteken dat indien ŉ gemeenskap ontevrede is of nadelig deur ontginning geraak word, sodanige gemeenskap die Departement van Minerale Hulpbronne kan nader om die Minister se besluit om die reg of permit te verleen, te heroorweeg. Die proses om versoek van heroorweging staan bekend as ŉ "appèl". Dié appèl is ŉ interne proses binne die Departement van Minerale Hulpbronne en betrek nie die howe nie.

#### 34.2 Hoe om te appelleer

Dit is belangrik om van die tydraamwerke te onthou as jy 'n appèl wil indien. Jy het 30 dae om aan die Minister van Omgewingsake 'n appèl te stuur sodra jy kennis dra van 'n mynbou of prospekteerreg wat toegeken is. As jy teen 'n omgewingsmagtiging appèl wil aanteken, moet jy ŉ kennisgewing van voorneme om te appelleer binne 20 dae en ŉ appèl binne 30 dae later stuur aan die Appèl Direktoraat.

'n Appèl van 'n watergebruikslisensie skort die lisensie op, wat beteken die mynmaatskappy moet onmiddellik staak in die gebruik van die water (en dikwels dus die hele mynbedryf daarvan) totdat die appèl beslis is. 'n Appèl van 'n watergebruiklisensie moet aan die Watertribunaal gestuur word binne 30 dae nadat daar uitgevind het dat die lisensie uitgereik is. Tans funksioneer die Watertribunaal nie na behore nie, dus moet jou appèl na die Minister van Waterwese en Omgewingsake gestuur word.

Indien die betrokke Minister of LUR nie saamstem met die besware wat jy in jou appèl opper nie, sal die appèl geweier sal word. As jy ontevrede is met hierdie besluit, kan die saak na die Hooggeregshof verwys word en die regter hersien die Minister of LUR se besluit om die appèl te weier. Die hof kan die Minister of LUR opdrag gee om die saak weer te oorweeg. As jy hof toe wil gaan, moet jy dit binne ses maande na die uitslag van die appèl geskied.

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

**34.3 Kennisgewing van die voorneme om appèl aan te teken**

Daar moet sonder versuim ŉ kennisgewing skrywe gerig word van die voorneme om appèl aan te teken.

- Kennisgewing van die voorneme om appèl aan te teken moet gerig word aan die appèl administrateur.

**Director: Appeals and Legal Review**

**Department of Environmental Affairs**

**Private Bag X447**

**Pretoria**

**0001**

**South Africa**

**Tel: 012 399 9626**

**Email: Appeals@environment.gov.za**

Die appèl prosedure word gereguleer deur die Appeal Regulations Act.

Die Appèl Administrateur sal jou voorsien van die riglyn op die administrasie prosedure om ŉ appèl in te dien asook die datum waarop die appèl die direkteur : Appeals and Legal Review moet bereik.

Bogenoemde aksie het geen finansiële uitgawes nie, tensy jy ŉ gekwalifiseerde persoon nader om jou by te staan met die appèl.

**Die kennisgewing van appèl moet die volgende bevat:**

- Die handeling van die Minister of Departement waarteen appèl aangeteken word (byvoorbeeld die toekenning van ŉ ontginningsreg aan die spesifieke mynmaatskappy in die spesifieke gebied).
- Die gronde waarop die appèl gebaseer is (byvoorbeeld dat die ontginningsmaatskappy nie met die gemeenskap gekonsulteer het nie en dat water van die ontginningsprojek ŉ afvloei in ŉ rivier het wat siektes by die vee van die gemeenskap tot gevolg het).

1. Betaling van die fooi vir indiening van die appèl. (Huidiglik is daar geen fooi nie)

2. Wag op redes vir die besluit.

3. Verskaf ŉ geskrewe reaksie op die redes vir die besluit en/of ŉ geskrewe respons op enige beantwoordende voorlegging deur geaffekteerde partye binne 21 dae nadat die versoek om te reageer ontvang is.

4. Wag 30 dae vir die uitkoms van die appèl.

Vind uit van die aansoek – (30 dae) - dien kennis van appèl in en betaal die voorgeskrewe fooi – ontvangs van die respons van die besluitnemer en geaffekteerde partye – (21 dae) -

voorsien ŉ geskrewe antwoord – (30 dae) - Direkteur-Generaal of Minister bevestig, herroep, wysig of vervang die besluit.

(Artikel 96 van die MPRDA en Regulasie 74 van die MPRDA-regulasies)

Indien die appèl suksesvol is, sal die Minister of Direkteur-Generaal die besluit om die permit / reg te toe te ken, herroep, of die voorwaardes van die permit of reg wysig. Indien die appèl onsuksesvol is, sal die Minister of Direkteur-Generaal die besluit bevestig. Geen toegang tot die howe is moontlik alvorens die reg op interne appèl uitgeput is nie.

**34.4 Nadering van die hof**

Indien die gemeenskap ontevrede is met die uitkoms van die appèl, mag belanghebbende partye die hof met ŉ aansoek nader om die Minister of Direkteur-Generaal se beslissing, te hersien (PAJA).

ŉ Aansoek om ŉ beslissing te hersien moet ingedien word nie later as 180 dae vanaf die uitkoms van die appèl en moet geskied in ooreenstemming mat die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000.

(Nota: Om ŉ appèl te loods en om die Hof te nader mag moeilik en gekompliseerd wees. 'n Hele aantal nie-regeringsorganisasies en regsklinieke bied gratis dienste aan gemeenskappe wat besluite van staatsorgane op appèl of hersiening neem).

**35. ONTEIENING**

Indien daar 'n dispuut tussen die grondeienaar en die houer is van die regte, en die Streekbestuurder van die Departement kan nie die dispuut bylê nie, mag daar in uiterste omstandighede onteieningsprosedures kragtens artikel 55 van die Onteieningswet in werking tree en moet vergoeding met betrekking tot die onteiende gedeelte van die eiendom uitbetaal word.

**36. OMGEWINGSOORTREDINGS**

Indien die omgewing waarin persone leef aangetas of negatief geaffekteer word deur mynbou-aktiwiteite, mag die mynmaatskappy wat vir die skade verantwoordelik is ŉ omgewingsoortreding begaan (ŉ misdaad) en mag onregmatig optree. Oortredings wat deur mynmaatskappye gepleeg word wat die omgewing benadeel, mag nadeel vir individue en gemeenskappe deur stof en besoedelde water tot gevolg hê.

**36.1 Hoe om te bepaal of ŉ mynmaatskappy onregmatig optree?**

ŉ Mynmaatskappy mag ŉ omgewingsoortreding pleeg indien die volgende voorkom:

- Die mynmaatskappy onderneem ontginning sonder die nodige vergunning daartoe.
- Die mynmaatskappy begin met ontginning naby ŉ gemeenskap maar die betrokke gemeenskap was nie daarvan in kennis gestel of gekonsulteer oor die ontginning nie. Kennisgewing of konsultasie word vereis deur die Departement van Minerale Hulpbronne (DMR), die Departement van Omgewingssake (DEA) en die Departement van Water en Sanitasie (DWS) tydens die aansoekproses vir goedkeuring vir ontginning en watergebruik.

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

- Die mynmaatskappy stort mynafval buite die ontginningsarea of in sensitiewe gebiede (byvoorbeeld naby riviere of kwesbare ekosisteme).
- Daar is ŉ toename in stof, slegte reuke of rook in die lug.
- Mynwater vloei na of word direk in riviere, strome of damme gepomp.
- Die water in die riviere, strome of damme verander van kleur of het ŉ vreemde reuk.
- ŉ Wit neerslag of oranjekors begin vorm aan die oewers van die riviere, strome of damme.
- Plante en bome naby riviere, strome of damme vrek.
- Gewasse en plante in die betrokke gebied groei swak, blom nie of dra nie vrugte en groente nie.
- Skaars bome en plante is verwyder.
- Vis in die riviere, strome of damme vrek of teel nie aan nie.
- Voëls in die gebied staak eierproduksie, vlieg nie meer nie of vrek.
- Ander wildlewe in die gebied toon tekens van siekte of vroeë vrektes.
- Mynaktiwiteite vind plaas binne ŉ nasionale park of natuurreservaat.
- Permanente geboue in die betrokke gebied toon tekens van krake.
- ŉ Myn het gestuit en die area verlaat sonder om die omgewing in die myngebied te herstel of die grondoppervlakte te rehabiliteer tot ŉ toestand wat veilig en produktief is.
- Die gesondheid van mense (veral kinders) in die gemeenskap versleg, veral probleme met asemhaling, hoesbuie en asma, veluitslag, sensitiewe oë of maagaandoenings.

**37. MYNBOU TOESTEMMING VERLEEN SONDER ENIGE KONSULTASIE**

Die grootste bedreiging bestaan wanneer mynbou-aansoeke goedgekeur word sonder dat die nodige stappe en prosedures gevolg word.

Wat staan my as grondeienaar te staan as ŉ ontginningsreg / prospekteerlisensie op my eiendom/aangrensend goedgekeur is sonder my medewete?

Huidiglik (in 2024) is daar menigte korrupsie in verskeie staatsdepartemente. Ongelukkig is die Departement Minerale Sake nie hiervan uitgesluit nie. Dit kan gebeur dat toestemming verleen word sonder dat enige van die belanghebbende partye by al die stappe betrokke was of kennisgewing ontvang het. Die onus berus dan by die grondeienaar om hierdie saak aan te meld en die nodige stappe te neem.

* Die eerste sal heel moontlik wees dat die myn by jou eiendom opdaag met die permit/lisensie/reg. Behou ŉ afskrif daarvan ten einde die verwysingsnommer en tersaaklike inligting te bekom.

* Vind uit wie is die betrokke hoof van omgewingsake by die myn. Volgens mynbou wetgewing moet elke myn oor ŉ omgewingsbeheerbeampte (ECO) beskik.

**38. ROL VAN ‘N OMGEWINGSBEHEERBEAMPTE (ECO)**

'n ECO speel 'n belangrike rol om nakoming van die aktiwiteite te monitor wat omgewingsoudits saamstel om te kontroleer of die kliënt voldoen aan voorwaardes wat in die omgewingsmagtiging en omgewingsbestuursplan/-program uiteengesit word.

- Doen navraag by die ECO oor die wyse waarop konsultasie gedoen is en vra die verslag aan wat ingedien is vir goedkeuring van die omgewingsaansoek.
- BAIE BELANGRIK – Indien ŉ reg toegestaan is sonder die belanghebbende en geaffekteerde partye se deelname of kennis, kan daar appèl aangeteken word teen die reg binne 30 dae na daar kennis geneem is van die reg. Dit kan dus enige tyd wees na die toestaan sonder die medewete daarvan deur belanghebbende en geaffekteerde partye.
- Kennisgewing van die voorneme om appèl aan te teken moet gerig word aan die Appèl Administrateur.

**Director: Appeals and Legal Review**

**Department of Environmental Affairs**

**Private Bag X447**

**Pretoria**

**0001**

**South Africa**

**Tel: 012 399 9626**

**Email: Appeals@environment.gov.za**

Die appelprosedure word gereguleer deur die Appeal Regulations Act.:

Die Appèl Administrateur sal jou voorsien van die riglyn met betrekking tot die administratiewe prosedure om ŉ appèl in te dien asook die datum waarop die appèl die Direkteur: Appeals and Legal Review, moet bereik. Dit is dus baie belangrik dat daar duidelik gemeld moet word dat daar GEEN konsultasie onderneem is nie en die reg eensydig toegestaan is. Uit bogenoemde inligting sal daar verskeie aspekte wees waarop appèl aangeteken kan word aangesien geen van die verpligtinge nagekom is nie.

Bogenoemde aksie het geen finansiële uitgawes nie, tensy jy ŉ gekwalifiseerde persoon nader om jou by te staan met die appèl.

**39. WAT PERSONE TE DOEN STAAN INDIEN 'N MYN ONWETTIG BEDRYF WORD.**

Persone behoort getuienis te versamel van enige van die vermoedelike oortredings hierbo genoem deur die data in ŉ dagboek aan te teken, monsters te versamel (byvoorbeeld grond- en watermonsters) of foto's van die terrein te neem. Die oortreding moet by die naaste polisiestasie aangemeld word, sowel as by die Departement van Minerale Hulpbronne ((DMR), die Departement van Omgewingsake (DEA) en / of die Departement van Water en Sanitasie (DWS).

- Vir oortredings ingevolge die Wet op Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 28 van 2002 (MPRDA) kan groot boetes, tot tien jaar gevangenisstraf of beide opgelê word.

- Vir oortredings ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998 (NEMA) kan boetes van tot R5 miljoen, of tien jaar gevangenisstraf, of beide opgelê word.
- Vir oortredings ingevolge die Nasionale Waterwet, 36 van 1998 (NWA) kan boetes van tot R100 000 of tot 5 jaar gevangenisstraf of beide opgelê word.

### 39.1 Blitslyn vir omgewingsmisdade

As 'n mynmaatskappy nie sy lisensies of omgewingswette nakom nie, kan jy dit by die Departement van Omgewingsake se tolvrye blitslyn by 0800 205 005 aanmeld.

- Sodra 'n saak aangemeld is by die blitslyn (wat gedoen kan word sonder om jou naam of kontakbesonderhede te gee), sal dit ondersoek word deur die Inspektoraat vir Omgewingsbestuur (ook genoem die Groen Skerpioene) of verwys word na 'n ander departement (soos die DMR).
- Jy sal voorsien word van 'n verwysingsnommer vir jou oproep. Hou 'n afskrif van daardie verwysingsnommer vir enige opvolg van die saak.

Rapporteer omgewingsmisdade wanneer 'n mynmaatskappy begin myn sonder 'n vereiste permit, magtiging of lisensie. Dit is 'n kriminele oortreding. Die mynmaatskappy kan ook 'n kriminele oortreding pleeg as dit nie alles gedoen het wat dit beloof het om te doen in die omgewingsbestuursprogram of in die sosiale en arbeidsplan nie. As die mynmaatskappy vir die departemente vals inligting gee wanneer hy 'n aansoek doen (byvoorbeeld indien die maatskappy beweer dat hy jou geraadpleeg het terwyl dit in werklikheid nie gedoen is nie), is dit ook 'n kriminele oortreding.

Daar is kriminele oortredings wat deur die MPRDA, NEMA en die NWA geskep is. Daar is ook kriminele oortredings gelys in die wette wat luggehalte, biodiversiteit, beskermde gebiede en ander verbandhoudende aspekte reguleer.

### 39.2 Grondwetlike regte

Die Grondwet beskerm Suid-Afrikaners se reg om nie onder omstandighede te leef wat hul gesondheid en inkomste benadeel nie. Voorts beskik persone in die gemeenskap oor die volgende regte:

- Openbare deelname – die behoeftes van mense moet aangespreek word en die publiek moet aangemoedig word om aan beleidsformulering deel te neem (Artikel 195(1)(e) van die Grondwet).
- Gelykheid – Alle mense behoort gelykwaardig behandel te word sonder diskriminasie en hulle behoort gelyke geleenthede te ontvang.
- Toerekenbaarheid – Mense behoort in staat te wees om die regering en privaatinstellings verantwoordbaar te hou vir hul handelinge en hul behoort hul griewe te kan uiter.
- Deursigtigheid – Die regering en private entiteite behoort oop te wees vir die publiek oor hul optrede. Oorskryding van gesag kan verhoed word deur howe of instellings wat ingevolge die Grondwet opgerig is ter beskerming van demokrasie (die

sogenaamde Hoofstuk 9-instellings, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie).
- Oppergesag van die reg ("Rule of Law") – Dit behels dat geen persoon bo die reg verhewe is nie. Alle mense en instellings insluitend die Regering is onderworpe aan die reg wat billik toegepas en afgedwing word.

In hierdie afdeling verduidelik die gids sommige van die wetgewing wat daarop gerig is om hierdie regte te beskerm en verduidelik hoe die regte deur persone in die gemeenskap aangewend kan word.

## 40. VERSOEK OM INLIGTING VAN 'N MYNMAATSKAPPY

### 40.1 Versoeke om toegang tot rekords van publieke liggame

Inligting is onbeperk. Enige inligting kan aangevra word sonder verskaffing van redes.

### 40.2 Inligting oor water en dienste

Talle gemeenskappe in Suid-Afrika wat deur mynbou affekteer word, beskik oor beperkte toegang tot water in hul huishoudings en is afhanklik van gemeenskaplike krane wat gewoonlik nie naby geleë is nie. Inligting oor die munisipaliteit se ontwikkelingsplan stel gemeenskappe in staat om die verskaffing van dienste te moniteer, soos waterinfrastruktuur, en stel hul in staat om te bepaal of beloftes wat deur die regering gemaak word, nagekom word. ŉ Gemeenskap mag ŉ PAJA-versoek aan die Departement van Water en Sanitasie rig (DWS), die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Aangeleenthede (COGTA) en die plaaslike munisipaliteit vir:

- ŉ Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (IDP), wat ŉ uiteensetting gee van al die ontwikkelingsplanne vir die gemeenskappe in die munisipale gebied, soos infrastruktuurverbeterings, skole, klinieke, water en elektrisiteitvoorsiening; (Die geïntegreerde ontwikkelingsplan en begroting is in terme van die plaaslike regering-wetgewing verplig om op die webtuiste van die munisipaliteit te verskyn)
- Enige verslae oor die implementering van die plan;
- Detail van die munisipale spandering in die gemeenskap; of
- Detail oor die begroting en enige fondse bestee aan planne of fondse wat reeds aan sodanige planne bestee is.

### 40.3 Die reg op Regverdige Administratiewe Optrede

Die gemeenskap het die reg op optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is sowel as die reg om geskrewe redes vir administratiewe besluite te versoek. Die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000 (PAJA) verstrek meer detail en gee effek aan die reg op regverdige en billike administratiewe optrede vervat in artikel 33 van die Grondwet.

Wat is administratiewe optrede?

Administratiewe optrede is die handelinge verrig deur alle regeringsdepartemente op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak; die polisie en weermag; ESKOM en die SAUK. Wanneer hierdie instellings deur hul administrateurs besluite neem of versuim om besluite te

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

neem wat die regte van persone raak, word dit administratiewe optrede genoem. PAJA moedig administratiewe optrede aan wat tydens die besluitnemingsproses billik en deursigtig is en sodanige administrateurs kan verantwoordelik gehou word vir hul besluite.

Die Wet bepaal dat alle administrateurs moet:

- Billik optree;
- Alle relevante partye moet geleentheid gegun word om hul saak te stel;
- Mense inlig oor die redes vir besluite wat geneem is; en
- Mense inlig oor geleenthede om appèl aan te teken.

Indien die regering besluite neem oor toekenning van lisensies al dan nie of regte of permitte aan mynmaatskappye, staan administrateurs onder verpligting om besluite in ooreenstemming met hierdie beginsels te neem.

**42. NA MYNBOUAKTIWITEITE AFGEHANDEL IS**

Uiteindelik, sodra die mees toeganklike en waardevolste materiaal onttrek is, word die myn gesluit, en die terrein moet na sy oorspronklike toestand herstel word. Dit sluit in die toemaak van myningange, die herplant van gras en bome, en die toets van omliggende water, grond en lug vir kontaminante.

Wanneer 'n myn nie meer ontgin word nie, kan die sluitingsproses begin. Eerstens word die myn se infrastruktuur en fasiliteite, insluitend geboue, paaie en toerusting van die terrein verwyder. Dan vind die herwinning van plantegroei, grondbedekkingsmateriaal, oppervlakwater en afvalgesteentes plaas.

Tydens hierdie proses moet daar deur die omgewing en inwoners seker gemaak word dat die proses korrek gedoen word en daar voldoende befondsing vanaf die Departement Minerale Sake bewillig word deur die borgstelling van die mynmaatskappy om die nodige aksies te onderneem.

Herstel van ŉ omgewing na die sluiting van myn kan tot meer as 50 jaar neem gegewe die vlak van impak op die omgewing.

TLU SA

**43. MUNISIPALITEITE SE DEELNAME**

**43.1 SPLUMA**

SPLUMA bemagtig munisipaliteite om die gebruik van grond regdeur die Republiek te bestuur, insluitend in gebiede wat deur tradisionele leiers beheer word in terme van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (MSR) en grondgebruikskema. 'n MSDF artikuleer die ruimtelike visie van die munisipaliteit, terwyl 'n grondgebruikskema die hoofinstrument is wat die gebruik en ontwikkeling van grond binne 'n munisipale gebied beheer. Dit beteken 'n munisipaliteit het die mag om te besluit wat gebou kan word waar of watter grondgebruike van toepassing is binne 'n bepaalde gebied binne sy munisipale gebied. Hierdie bevoegdheid geld selfs vir mynbedrywighede. Terwyl 'n mynaktiwiteit deur die nasionale departement van grondstowwe en energie goedgekeur word deur die uitreiking van mynpermitte, het die Konstitusionele Hof se landmerk Maccsands-uitspraak dit duidelik gemaak dat 'n

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

mynaktiwiteit nie mag voortgaan as die grondgebruik nie deur die munisipaliteit se grondgebruikskema toegelaat word nie.

Die munisipaliteit kan "nee sê" vir die mynbou op grond daarvan dat die gebied nie vir mynbou gesoneer is nie. Dit is veral belangrik in die konteks van mynbouaktiwiteite wat plaasvind in sommige gebiede wat deur landelike inwoners bewoon word waar mynbou duidelik nie behoort plaas te vind nie. Dit verklaar waarom inwoners en vee in hierdie gebiede dikwels ly aan siektes wat veroorsaak word deur lugbesoedeling en waterbesoedeling, asook hul huise wat beskadig word weens die voortdurende boor en skietwerk.

Wat gebeur as die mynmaatskappy 'n hersoneringsaansoek by die munisipaliteit indien om die soneringskema te wysig om mynbou te akkommodeer?

SPLUMA bevat vyf beginsels wat munisipaliteite en tradisionele leiers, afhangend van die konteks, moet nakom wanneer grondgebruikbesluite geneem word. Drie beginsels is van toepassing en relevant in hierdie verband. Eerstens verseker die beginsel van ruimtelike volhoubaarheid dat uitstekende en unieke landbougrond beskerm word en dat stedelike en landelike gemeenskappe lewensvatbaar is. Tweedens beteken die beginsel van ruimtelike veerkragtigheid dat munisipaliteite ruimtelike planne en grondgebruikbestuurstelsels moet ontwikkel wat groter buigsaamheid sal akkommodeer ten einde die volhoubaarheid van lewensbestaan te verseker wat die kwesbaarste is tydens ekonomiese en omgewingskrisisse. Laastens beoog die beginsel van goeie administrasie 'n geïntegreerde benadering tot grondontwikkelingsaansoekprosesse wat deursigtig is en 'n geleentheid bied aan geaffekteerde partye soos munisipaliteite, tradisionele leiers en gemeenskappe om insette te lewer. Daar word aan die hand gedoen dat die munisipaliteit die aansoek om die woongebied te hersoneer kan afkeur indien daardie hersonering teen hierdie drie beginsels sou intree. Indien SPLUMA toegepas word, kan dit nog 'n laag van beskerming teen moontlike skadelike mynbou wees. Enige hersonering van eiendom moet die proses van publieke deelname deurloop. Die kennisgewing moet in die Provinsiale Staatskoerant verskyn. Kennisgewings moet aan aangrensende grondeienaars / bewoners oorhandig word en geleentheid vir teenkanting of kommentaar teen die hersonering van die eiendom moet gegee word.

**44. INSTANSIES WAT HULP KAN BIED :**

**44.1 Law clinics**

**Centre for Applied Legal Studies**

**DJ du Plessis Building, West Campus, University of**

**the Witwatersrand, Braamfontein, Johannesburg**

**Tel: 011 717 8600**

**Fax: 011 717 1702**

**Email: Duduzile.Mlambo@wits.ac.za**

**Website: http://www.wits.ac.za/academic/clm/law/cals/11159/cals_home.html**

**44.2 Centre for Environmental Rights**

**223 Lower Main Road, Observatory, 7925**

**Cape Town, South Africa**

**Tel: 021 447 1647**

**Fax: 086 730 9098**

**Email: info@cer.org.za**

**Website: www.cer.org.za**

**44.3 Lawyers for Human Rights**

**Cape Town Office**

**4th floor Poyntons Building**

**24 Burg Street, Stellenbosch**

**Tel: 021 424 8561**

**Fax: 021 424 7135**

**Website: www.lhr.org.za**

**44.4 Durban Office and Law Clinic**

**Room S104, Diakonia Centre, 20 Diakonia Avenue**

**(formerly St. Andrews Street), Durban, 4001**

**Tel: 031 301 0531**

**Fax: 031 301 0538**

**44.5 Johannesburg Office and Law Clinic**

**4th Floor Heerengracht Building,**

**87 De Korte Street corner Melle Street,**

**Braamfontein**

**Tel: 011 339 1960**

**Fax: 011 339 2665**

**44.6 Musina Office**

**18 Watson Avenue, Musina, 0900**

TLU SA

**Tel: 015 534 2203**

**Fax: 015 534 3437**

**44.7 Pretoria Office and Law Clinic**

**Kutlwanong Democracy Centre, 357 Visagie Street,**

**Pretoria 0002**

**Tel: 012 320 2943**

**Fax: 012 320 2949 / 012 320 7681**

**44.8 Upington Office**

**Room 110 & 111, Rivercity Centre,**

**Corner Scott and Hill Streets, Upington**

**Tel: 054 331 2200**

**Fax: 054 331 2220**

**44.9 Legal Resources Centre**

**National/ Johannesburg Office**

**15th and 16th Floor, Bram Fischer Towers**

**20 Albert Street, Marshalltown**

**Tel: 011 836 9831**

**Fax: 011 834 4273**

**Website: www.lrc.org.za**

**44.10 Cape Town Office**

**3rd Floor, Greenmarket Place,**

**54 Shortmarket Street, Cape Town, 8001**

**Tel: 021 481 3000**

**Fax: 021 423 0935**

**44.11 Durban Office**

**N240 Diakonia Centre, 20 Diakonia Avenue**

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

**Durban, 4001**

**88**

**Tel: 031 301 7572**

**Fax: 031 304 2823**

**44.12 Grahamstown Office**

**116 High Street, Grahamstown, 6139**

**Tel: 046 622 9230**

**Fax: 046 622 3933**

**NGOs**

**44.13 Endangered Wildlife Trust**

**Building K2, Pinelands Office Park**

**Ardeer Road, Modderfontein, Gauteng, 1645**

**Tel: 011 372 3600/1/2/3**

**Fax: 011 608 4682**

**Email: ewt@ewt.org.za**

**Website: www.ewt.org.za**

**44.14 Earthlife Africa**

**87 De Korte Street, 5th Floor Hereengracht Building**

**Braamfontein, Johannesburg**

**Tel: 011 339 3662**

**Fax: 011 339 3270**

**Website: www.earthlife.org.za**

**44.15 South African History Archive**

**Constitution Hill, within the Nursery Section**

**of the Women's Jail, on 1 Kotze Street**

**Braamfontein, Johannesburg**

**Tel: 011 718 2560**

TLU SA

**Fax: 086 500 1600**

**Website: www.saha.org.za**

**44.16 Benchmark Foundation**

**6th Floor, Khotso House, 62 Marshall Street**

**Marshalltown, Johannesburg**

**Tel: 011 832 1743/2**

**Fax: 011 832 1750**

**Email: info@bench-marks.org.za**

**Website: http://www.bench-marks.org.za/**

**44.17 WWF SA**

**Head Office**

**1st Floor, Bridge House, Boundary Terraces**

**Mariendahl Lane, Newlands, Cape Town**

**Tel: 021 657 6600**

**Fax: 086 535 9433**

**Website: www.wwf.org.za**

**44.18 Gauteng Office**

**Ground Floor, Presidents Place, 1 Hood Avenue**

**Rosebank, Johannesburg**

**Tel: 011 447 1213**

**Fax: 011 447 0365**

**Website: www.wwf.org.za**

**44.19 Conservation SA**

**Kirstenbosch Biodiversity Centre**

**Private Bag X7, Claremont, 7735**

**Tel: 021 799 8655**

**Fax: 021 762 6838**

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

**Website: http://www.conservation.org/global/ci_**

**south_africa/Pages/conservation-south-africa.aspx**

**44.20 Centre for Environmental Rights and Lawyers for Human Rights**

**BirdLife South Africa**

**Lewis House, 239 Barkston Drive**

**Blairgowrie, 2194, South Africa**

**Tel: 011 789 1122**

**Fax: 011 789 5188**

**Email: info@birdlife.org.za**

**Website: http://www.birdlife.org.za/**

**44.21 Jubilee South Africa**

**National Chairperson: MP Giyose**

**Tel: 046 624 2557**

**Cell: 082 350 0361**

**Email: mp.g@telkomsa.net**

**44.22 Federation for a Sustainable Environment**

**Tel: 011 787 7965**

**Email: mariettel@iburst.co.za**

**Website: www.fse.org.za**

**44.23 South African Human Rights Commission**

**Head Office**

**Braampark Forum 3**

**33 Hoofd Street, Braamfontein**

**Tel: 011 877 3600**

**Email: info@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

**44.24 Eastern Cape Office**

**4th Floor Oxford house, 86 Oxford Street**

**East London, 5200**

**Tel: 043 722 7828/21/25**

**Fax: 043 722 7830**

**Email: ymvovo@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

**44.25 Gauteng Office**

**2nd Floor, Braampark Forum 3**

**33 Hoofd Street, Braamfontein**

**Tel: 011 877 3750**

**Fax: 011 403 0668**

**Email: nvkwaza@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

**44.26 Free State Office**

**50 East Burger Street**

**1st Floor TAB building, Bloemfontein**

**Tel: 051 447 1130**

**Fax: 051 447 1128**

**Email: bpitso@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

**44.27 KwaZulu-Natal Office**

**First Floor, 136 Margaret Mncadi, Durban**

**Tel: 031 304 7323/4/5**

**Fax: 031 304 7323**

**Email: ldlamini@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

TLU SA

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401

**44.28 Limpopo Office**

**First Floor, Office 102, Library Garden Square,**

**Corner of Schoeman and Grobler Streets, Polokwane**

**Tel: 015 291 3500**

**Fax: 015 291 3505**

**Email: mngobeni@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

**44.29 Mpumalanga Office**

**4th Floor Carltex Building**

**32 Bell Street, Nelspruit**

**Tel: 013 752 8292/5870**

**Fax: 013 752 6890**

**Email: cngwenyama@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

**44.30 Northern Cape Office**

**Scot Road, Ancorley Building, Upington**

**Tel: 054 332 3993/4**

**Fax: 054 332 7750**

**Email: mmuntingh@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

**44.31 North West Office**

**170 Klopper Street, Rustenburg**

**Tel: 014 592 0694**

**Fax: 014 594 1069**

**Email: pmochadibane@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

TLU SA

**44.32 Western Cape Office**

**7th Floor ABSA building**

**132 Adderley Street, Cape Town**

**Tel: 021 426 2277**

**Fax: 021 426 2875**

**Email: ssalie@sahrc.org.za**

**Website: www.sahrc.org.za**

**44.33 International Alliance on Natural Resources in Africa (IANRA)**

**27 Clieveden Avenue**

**Auckland Park, 2092**

**Johannesburg, South Africa**

**Tel: 011 833 1060**

**Email: annemayher@ianra.org**

**Website: www.ianra.org**

**44.34 Action Aid**

**108 Fox Street Metropolitan Building**

**8th Floor, Johannesburg, 2000**

**South Africa**

**Tel: 011 731 4566**

**Fax: 011 011 492 0667**

**Email: Sheila.Cochrane@actionaid.org**

**Website: www.actionaid.org/southafrica**

**44.35 CENTRE FOR ENVIRONMENTAL RIGHTS NPC**

**223 Lower Main Road**

**Observatory, 7925**

**Cape Town, South Africa**

**Tel 021 447 1647**

**Fax 086 730 9098**

**Email info@cer.org.za**

**www.cer.org.za**

**A non-profit company with registration number 2009/020736/08, PBO No. 930032226, NPO No. 075-863 and a Law Clinic registered with the Law Societyof the Cape of Good Hope.**

TLU SA Kopiereg voorbehou M202401